

MM 76



HUMANITAS
RGN • HSRG

die beroepsituasie van stads- en streekbeplanners

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No.	Registernr./No.
001.3072068 HSRC MM 76	43585/6



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. A.L. Kotzee

Vise-presidente: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

Sekretaris-tesourier: Vakant

INSTITUTE VAN DIE RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

FUNKSIE VAN DIE RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

00000

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING



RGN-BIBLIOTEK

DIE BEROEPSITUASIE VAN STADS-
EN STREEKBEPLANNERS

HELGA VAN DER MERWE, M.Com.
S.S. TERBLANCHE, B.Sc., B.A.(Hon.)

000000040000



INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
DIREKTEUR: W. VERHOEF

PRETORIA
1979

001,3072068 HSRC MM 76



* 0 2 0 4 8 0 *

Verslag nr.: **MM-76**

Kopiereg voorbehou

Prvs: R0.55

ISBN 0 86965 591 4

VOORWOORD

As deel van die Instituut vir Mannekragnavorsing se beroepsnavorsingsprogram sluit hierdie verslag: BEROEPSITUASIE VAN STADS- EN STREEKBEPLANNERS aan by die verslae oor beroepe soos, onder ander, die van ingenieur, tegnikus, fisikus, wiskundige en argitek wat reeds verskyn het. Dié verslae voorsien inligting oor aspekte soos werkgewer, beroepsfunksies, salaris, opvoedkundige kwalifikasies, ouderdomstruktuur en werktevredenheid. Uittreksels uit hierdie verslae word in die RGN se voorligtingsreeks opgeneem en voorsien in 'n baie belangrike behoefte aan beroepsinligting vir voorligtingsdoeleindes. Die navorsing oor stads- en streekbeplanners is met die samewerking van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners onderneem.

'n Woord van dank word gerig aan die stads- en streekbeplanners en hul werkgewers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners vir die adreslyste wat verskaf is en aan die Institute van die RGN wat bygedra het om hierdie verslag vry te stel, naamlik die Instituut vir Statistiese Navorsing vir statistiese verwerkings en die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste vir redigering, proeflees en reëlings vir drukwerk.

Wm. PRESIDENT
Mei 1979

RGN		BIBLIOTEEK LIBRARY	HSRC
1979-08-16			
STANDKODE 071 3072068 HSRC M M 76	REGISTERNOMMER 043583		6
BESTELNOMMER G			

INHOUD

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	v
1 INLEIDING	1
1.1 Agtergrond en doelstelling	1
1.2 Die ondersoekgroep	2
1.3 Verteenwoordigendheid van die ondersoekgroep	3
1.4 Verdeling van die ondersoekgroep in beroepsgroepes	5
1.5 Opset van die verslag	6
 2 ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	 8
2.1 Inleiding	8
2.2 Kwalifikasiestruktuur	8
2.3 Werkgewer	8
2.4 Lidmaatskap van die instituut van stads- en streekbeplanners	12
2.5 Huistaal en ouderdom	15
 3 WERKSITUASIE VAN STADS- EN STREEKBEPANNERS	 19
3.1 Inleiding	19
3.2 Beroepsfunksies	19
3.3 Belangrikheid van sekere vaardighede	24
3.4 Werkure	26
3.5 Salaris	26
3.6 Formele opleiding in stads- en streekbeplanning	32
3.7 Werktevredenheid	42
 4 GROEITENDENSE IN DIE STADS- EN STREEKBEPANNINGS-BEROEP	 52
4.1 Inleiding	52
4.2 Vraelys	52
4.3 Groei in indiensneming van stads- en streekbeplanners	53
4.4 Gradueringsneigings	57
 5 SAMEVATTING	 60
 6 SYNOPSIS	 63
 BYLAE A	 66
BYLAE B	77
BYLAE C	79
 LITERATUURLYS	 81

TABELLE

BLADSY

1.1	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUUR=GROEP EN DIE NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS OUDERDOM	4
1.2	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUUR=GROEP EN DIE NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS HUISTAAL	4
1.3	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUUR=GROEP EN DIE NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE	5
1.4	BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	6
2.1	BEROEPSTRUKTUUR, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE IN BEPLANNING	9
2.2	RIGTING VAN KWALIFIKASIE WAT TOELATING VERLEEN HET TOT EERSTE KWALIFIKASIE IN BEPLANNING	10
2.3	VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP, VOLGENS BEROEP EN WERKGEWER	11
2.4	BEROEPSGROEP, VOLGENS LIDMAATSKAP VAN DIE INSTITUUT VIR STADS- EN STREEKBEPLANNERS	16
2.5	REDE WAAROM NIE LID VAN ISS, VOLGENS BEROEPSGROEP	17
2.6	HUISTAALVERDELING	18
2.7	OUDERDOM, VOLGENS BEROEPSGROEP	18
3.1	TYDBESTEDINGSINDEKSE VIR FUNKSIES WAARAAN MINSTENS 'N DERDE VAN 'N WERKNEMERGROEP MEER AS 10 PERSENT WERKYD BESTEE	21
3.2	RIGTING VAN VERANDERING IN TYDBESTEDING AAN FUNKSIES	23
3.3	BELANGRIKHEID VAN SEKERE VERMOËNS IN STADS- EN STREEKBEPLANNINGSWERK	25
3.4	WERKURE PER WEEK, VOLGENS SOORT BEROEPSAKTIWITEIT EN WERKGEWERSEKTOR	27
3.5	BRUTO SALARIS/INKOMSTE, VOLGENS BEROEPSGROEP OP 1 MAART 1977	29
3.6	INKOMSTESTRUKTUUR VAN WERKNEMERS EN SELFGEËMPOE=JEERDES VAN SUIWER STADS- EN STREEKBEPLANNERS, VOLGENS OUDERDOM OP 1 MAART 1977	30
3.7	BRUTO SALARIS/INKOMSTE VAN SUIWER STADS- EN STREEKBEPLANNERS, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR OP 1 MAART 1977	31

3.8	BRUTO SALARIS/INKOMSTE VAN WERKNEMERS EN SELFGE= EMPLOEIERDES VAN SUIWER STADS- EN STREEKBEPLEN= NERS, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE OP 1 MAART 1977	31
3.9	MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING IN WERK GEBRUIK WORD	35
3.10	DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING IN AGT VAKKE	35
3.11	REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VAN DIE MATE WAARIN AGT VAKKE IN DIE STADS- EN STREEKBEPANNINGSKURSUS IN HUL WERK GEBRUIK WORD, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR	36
3.12	GEMIDDELDE DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING IN AGT VAKKE IN STADS- EN STREEKBEPANNINGSKURSUSSE, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR	36
3.13	MOTIVERING WAAROM FORMELE OPLEIDING ONDOELTREFFEND WAS	41
3.14	WERKTEVREDENHEID, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR	43
3.15	REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VIR DIE DRIE WERKGEWERSEKTORE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARIN KENMERKE VIR STADS- EN STREEKBEPANNERS PERSOONLIK IN 'N BEROEP BELANGRIK IS	44
3.16	REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VIR DIE DRIE WERKGEWERGROEPE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN VERWAGTING VOLDOEN	45
3.17	KORRELASIEKOÖFFISIËNTE (r) TUSSEN WERKTEVREDENHEID EN VERSKIL TUSSEN WAT VAN 'N BEROEP VERWAG WORD EN WAT IN DIE WERK TEENwoordIG IS	51
4.1	PERSENTASIE VERDELING VAN GETAL BLANKE STADS- EN STREEKBEPANNERS (1967-1977)	53
4.2	INDIENSNEMING VAN STADS- EN STREEKBEPANNERS (1967-1977)	54
4.3	KWALIFIKASIES IN STADS- EN STREEKBEPANNING TOEGEKEN AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE IN DIE TYDPERK 1967-1977	58

FIGURE

BLADSY

3.1	MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR STADS- EN STREEKBEPLANNERS IN DIE OPENBARE SEKTOR	37
3.2	MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR STADS- EN STREEKBEPLANNERS IN DIE PRIVAATSEKTOR	38
3.3	MATE WAARIN OPLEIDING IN WERK GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR SELFGEëMPLOJEERDE STADS- EN STREEKBEPLANNERS	39
3.4	BELANGRIKHEIDSOPVALLINGSVAKS VAN DIE DRIE WERKGEWERGROEPE VIR DIE SESTIEN WERKKENMERKE	46
3.5	MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN VERWAGTING VOLDOEN VIR DIE SESTIEN WERKKENMERKE	47
3.6	VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSOPVALLINGEN EN PROFIEL VAN MATE VAN VOLDOENING AAN VERWAGTINGS VIR WERKNEMERS IN DIE OWERHEIDSEKTOR	48
3.7	VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSOPVALLINGEN EN PROFIEL VAN DIE MATE VAN VOLDOENING AAN VERWAGTINGS VIR WERKNEMERS IN DIE PRIVAATSEKTOR	49
3.8	VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSOPVALLINGEN EN PROFIEL VAN DIE MATE VAN VOLDOENING AAN VERWAGTINGS VIR SELFGEëMPLOJEERDES	50
4.1	INDIENSNEMMING VAN STADS- EN STREEKBEPLANNERS	55

SUMMARY

This report deals with the occupational situation of town and regional planners. The information was obtained by means of questionnaires sent to 320 persons with qualifications in town and regional planning. Aspects that are covered are age, employer, qualification structure, income, occupational function and job satisfaction.

OPSOMMING

Hierdie verslag handel oor die beroepsituasie van stads- en streekbeplanners. Die inligting is met behulp van 'n vraelys van 320 persone met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning ingesamel. Aspekte wat gedek word, is ouderdom, werkgewer, kwalifikasiestruktuur, inkomste, beroepsfunksie en werktevredenheid.

HOOFTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Stads- en streekbeplanning is 'n beroep van die twintigste eeu en het ontstaan as gevolg van die behoefte aan 'n ordelike samelewing waarin aan die basiese behoeftes van die mens voldoen kan word. Howard (1961) sê die volgende in verband met die doel van stadsbeplanning "The ultimate goals are clearly social, although the plans themselves are related to physical things and physical places" (p. 153).

Bevolkingsdruk, toenemende industrialisasie en verstedeliking is almal aspekte van die veranderende sosiale milieue en kan maklik op chaos uitloop as dit nie planmatig gebalanseer word nie. Uit die geskiedenis van dorpsbeplanning is dit duidelik dat die meeste beplanning in die verlede deur ingenieurs, argitekte en landmeters gedoen is. Die beplanning van dorpe, stede en streke is, gesien teen die sosiale doel van die aksie, egter 'n multidisiplinêre taak wat nie net kennis van die tegniese vakrigtings nie, maar ook van die sosiologie, ekonomie en selfs die reg, vereis. Hierdie verskeidenheid word goed geillustreer deur die beskrywing wat van Urban Planner in die Dictionary of Occupational Titles (DOT) (1977) gegee word.

"Develops comprehensive plans and programs for utilization of land and physical facilities of cities, countries and metropolitan areas. Compiles and analyzes data on economics, social and physical factors affecting land use, and prepares or requisitions graphic and narrative reports on data. Confers with local authorities, civic leaders, social scientists, and land planning and development specialists to devise and recommend arrangements of land and physical facilities for residential, commercial, industrial and community uses. Recommends governmental measures affecting land use, public utilities, community facilities and housing and transportation to control and guide community development and renewal" (p. 149).

Die besef dat vir die beplanning van dorpe, stede en streke die integrasie van inligting uit 'n verskeidenheid van vakgebiede nodig is, het weerklink in die opleiding van die stads- en streekbeplanners gevind en 'n verskeidenheid van vakrigtings word in dié kursusse aangebied.

Dit is nie die eerste keer dat stads- en streekbeplanners die onderwerp van navorsing in die RGN is nie. Die eerste verslag van die Instituut vir Mannekragnavorsing het oor die

vraag na en aanbod van stads- en streekbeplanners gehandel (Terblanche, 1969). Sedert 1969 het dit duidelik geword dat die behoefté aan inligting van persone en instansies wat met die werwing, opleiding en benutting van mannekrag gemoeid is veel verder strek as net 'n raming van die toekomstige vraag na en aanbod in 'n beroep. Daar was 'n duidelik waarneembare behoefté aan inligting in verband met die soort werkgewer, kwalifikasiestruktuur, beroepsfunksies, salaris en so meer. Die beroepstudies van die Instituut is dus mettertyd uitgebred om aan hierdie behoefté te voorsien. Die huidige studie oor stads- en streekbeplanners vorm deel van die Instituut se beroepsnavorsingsprogram en is as gevolg van 'n versoek van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners onderneem. Die doel daarvan is om 'n verteenwoordigende groep opgeleide stads- en streekbeplanners aan die hand van genoemde veranderlikes te beskryf en ook om op die aspek van werkgeleenthede in te gaan.

1.2 DIE ONDERSOEKGROEP

Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes wat deur die RGN in stand gehou word, waarin onder ander die name, adresse, geslag, ouerdom en kwalifikasies van gegradeerdes en gelykwaardig gekwalifiseerde aangeteken is, is gebruik om die ondersoekgroep te identifiseer.

Vir die doeleindes van hierdie studie is alle persone wie se name en adresse in die Nasionale Register opgeneem is en wat aan die volgende vereistes voldoen, betrek:

(a) Blankes wat in die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika woonagtig is.

(b) Persone wat oor enige kwalifikasie in stads- en streekbeplanning beskik.

Van die 122 243 Blanke gegradeerdes (of gelykwaardig gekwalifiseerde) wie se gegewens op 1 Julie 1977 in die Nasionale Register aangeteken was, het 402 persone se gegewens aan die bovenoemde vereistes voldoen.

Die naam- en adreslys wat van die Nasionale Register verkry is, is aangevul met 70 name en adresse wat van die lidmaatskaplys van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners verkry is, maar wat nie op die Nasionale Register voorkom nie.

Gedurende Augustus 1977 is 'n vraelys (kyk bylae A) aan elkeen van dié 472 persone met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning gepos, waarvan 338 (71,6%) bruikbare vraelyste terugontvang is. Die 70 persone wat met die Instituut se lidmaatskaplys geïdentifiseer is, het ook 'n registervraelys ingevul.

Die respondentegroep (338 persone) van hierdie studie is saamgestel uit 288 Nasionale Register-respondente en 50 lidmaatskaprespondente. Agtien van die respondente was ten tyde van die opname nie ekonomies bedrywig nie en hulle word vir die res van die ondersoek buite rekening gelaat. Hierdie verslag handel oor die inligting wat met bogenoemde vraelys van die ondersoekgroep (320 ekonomies bedrywige respondente) verkry is, asook besonderhede oor die respondente se ouderdom, huistaal en peil van hoogste kwalifikasie wat van die Nasionale Register verkry is.

1.3 VERTEENWOORDIGENDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Daar is bewys dat die Nasionale Register 'n verteenwoordigende steekproef van die gegradsueerde bevolking van die land is (Ebersohn, 1972). Daar kan dus aanvaar word dat die register-uitstuurgroep (402 persone) 'n verteenwoordigende steekproef is van alle persone met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning in die RSA en SWA.

Die vraag wat nou ontstaan, is of die register-responsentegroep (288 persone) 'n verteenwoordigende steekproef van die register-uitstuurgroep (402 persone) is.

Omdat daar geen inligting oor die ouderdom, huistaal en peil van hoogste kwalifikasie van die 70 persone wat met die lidmaatskaplys betrek is, beskikbaar is nie, word die 50 lidmaatskap-respondente vir die bepaling van verteenwoordigendheid van die ondersoekgroep buite rekening gelaat. Daar word aanvaar dat as die 288 registerrespondente verteenwoordigend van die 402 persone in die register-uitstuurgroep is, sal die 50 lidmaatskap-respondente ook verteenwoordigend van die 70 persone in die lidmaatskap-uitstuurgroep wees, aangesien die persentasie respons goed vergelyk (71,6% Nasionale Registerrespons; 71,4% Lidmaatskaprespons).

In tabelle 1.1 tot 1.3 word die register-uitstuurgroep (402 persone) en die register-responsentegroep (288 persone) vergelyk ten opsigte van ouderdom, huistaal en peil van hoogste kwalifikasie.

Dit blyk uit bogenoemde tabelle dat die afwykings tussen die register-uitstuurgroep en die register-respondente-groep, ten opsigte van die aspekte wat vergelyk is, klein is. Die ondersoekgroep van hierdie studie ($N = 320$) word dus as 'n verteenwoordigende steekproef van alle persone met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning beskou.

TABEL 1.1

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUURGROEP EN DIE NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS OUDERDOM

Ouderdom	Nasionale Register-uitstuurgroep		Nasionale Register-respondentegroep	
	N	%	N	%
20-24	6	1,5	3	1,0
25-29	67	16,7	47	16,3
30-34	55	13,7	41	14,2
35-39	33	8,2	25	8,7
40-44	43	10,7	31	10,8
46-49	45	11,2	31	10,8
50-54	53	13,2	40	13,9
55-59	33	8,2	23	8,0
60-64	17	4,2	11	3,8
65+	50	12,4	36	12,5
TOTAAL	402	100	288	100

TABEL 1.2

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUURGROEP EN DIE NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS HUISTAAL

Huistaal	Nasionale Register-uitstuurgroep		Nasionale Register-respondentegroep	
	N	%	N	%
Afrikaans	148	36,8	105	36,5
Engels	254	63,2	183	63,5
TOTAAL	402	100	288	100

TABEL 1.3

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER-UITSTUURGROEP EN DIE
NASIONALE REGISTER-RESPONDENTEGROEP, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE
KWALIFIKAASIE

Peil van hoogste kwalifikasie	Nasionale Register-uitstuurgroep		Nasionale Register-respondentegroep	
	N	%	N	%
Diploma = B-graad	53	13,2	39	13,5
B-graad	99	24,6	70	24,3
Nagraadse diploma	115	28,6	81	28,1
Honneurs	9	2,2	6	2,1
M-graad	119	29,6	87	30,2
D-graad	7	1,7	5	1,7
TOTAAL	402	100	288	100

1.4 VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP IN BEROEPSGROEPE

Volgens die beantwoording van vraag 4 op die vraelys (kyk bylae A) "Wat is u huidige (1 Maart 1977) beroep?" word daar onderskei tussen die volgende beroepsgrhoepe:

1.4.1 Suiwer stads- en streekbeplanners - dit is die groep persone wat by die beroepsvraag ingevul het "Stads- en Streekbeplanner". Die 13 respondent wat by die beroepsvraag ingevul het dat hulle voltyds dosente in stads- en streekbeplanning is, word ook hierdie groep ingesluit ($N = 186$).

1.4.2 Stads- en streekbeplanner, en ander beroep - dit is alle persone wat by die beroepsvraag ingevul het stads- en streekbeplanner plus ingenieur; stads- en streekbeplanner plus argitek; stads- en streekbeplanner plus landmeter; stads- en streekbeplanner plus dosent in 'n nie-stads- en streekbeplanningsvak ($N = 63$).

In hierdie verslag word daar na bogenoemde twee groepe (1.4.1 en 1.4.2) saam verwys as stads- en streekbeplanners ($N = 249$). Dit is met ander woord alle persone wat werktyd aan stads- en streekbeplanningsaktiwiteite bestee.

1.4.3 Ander beroepe - dit is alle persone wat by die beroeps-vraag 'n ander beroep as stads- en streekbeplanner ingevul het ($N = 71$). 'n Beroepslys van beroepe wat persone in die ondersoek-groep beoefen, verskyn in tabel 1.4.

TABEL 1.4
BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Beroep/beroepsgroep	N	%
<u>Suiwer stads- en streekbeplannerberoepsgroep</u>		
Stads- en streekbepanner	173	54,1
Dosent in stads- en streekbeplanning	13	4,1
Subtotaal: suiwer stads- en streekbeplanner= beroepsgroep	186	58,2
<u>Stads- en streekbeplanner-, ander beroepsgroep</u>		
Stads- en streekbeplanner, en Ingenieur	16	5,0
Stads- en streekbeplanner, en Argitek	23	7,2
Stads- en streekbeplanner, en Landmeter	12	3,8
Stads- en streekbeplanner, en Dosent (ander vak)	12	3,8
Subtotaal: stads- en streekbeplanner, en ander beroep	63	19,8
<u>Ander beroepsgroep</u>		
Argitek	28	8,8
Ingenieur	23	7,2
Ander	20	6,3
Subtotaal: ander beroepe	71	22,3
TOTAAL	320	100

1.5 OPSET VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk 2 word 'n algemene beskrywing van die ondersoekgroep gegee ten opsigte van aspekte, byvoorbeeld hoogste kwalifikasie in beplanning, werkgewer, huistaal, ouderdom, ensovoorts.

Hoofstuk 3 is 'n bespreking van die werksituasie van stads- en streekbepanners. Aandag word gegee aan beroepsfunksies, werkure, salaris, werktevredenheid, gebruik van formele opleiding en vaardighede wat 'n invloed het op die doeltreffende uitvoering van stads- en streekbeplanningswerk.

In hoofstuk 4 word daar gelet op die retrospektiewe groei in die getal persone wat die stads- en streekbeplanningsberoep beoefen. Werkgewers se menings oor die toekoms van

stads- en streekbeplanning as 'n professionele beroep word ook saamgevat.

Hoofstuk 5 is 'n samevattung van die belangrikste be vindings in hierdie verslag.

HOOFSTUK 2

ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

2.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om 'n beskrywing te gee van die persone wat kwalifikasies in stads- en streekbeplanning het. Die aspekte wat bespreek word, is hoogste kwalifikasie in beplanning, agtergrondkwalifikasie, werkewer, lidmaatskap van die Instituut van Stads- en Streekbeplanners, huistaal en ouderdom.

2.2 KWALIFIKASIESTRUKTUUR

Tabel 2.1 toon die verdeling van die ondersoekgroep, volgens beroepsgroep en peil van hoogste kwalifikasie in beplanning. Die groep 'Ander' wat in tabel 2.1 gebruik word, verwys na kwalifikasies in stads- en streekbeplanning wat in die buitenland verwerf is, byvoorbeeld Diploma of the Royal Planning Institute (Brittanje). Tabel 2.2 gee die rigting van kwalifikasie wat toelating verleen het tot 'n eerste kwalifikasie in beplanning, vir die beroepsgroepe.

Die kwalifikasiestruktuur van die ondersoekgroep toon volgens tabel 2.1, dat die groep wat suiwer stads- en streekbeplanningswerk doen hoofsaaklik (71,0%) oor 'n B-, M-, of D-graad in beplanning beskik. Hierteenoor is die meerderheid van die ander twee beroepsgroepe se peil van hoogste kwalifikasie in beplanning 'n nagraadse diploma. Laasgenoemde twee groepe beskik dus in baie gevalle oor 'n bykomende kwalifikasie wat soos uit tabel 2.2 blyk, hoofsaaklik in die argitektuur, landmeetkunde of ingenieurswese verwerf is. Hierdie dubbele kwalifikasie gee persone wat daaroor beskik die keuse om stads- en streekbeplanning en/of 'n ander beroep te beoefen - 'n keuse wat diegene wat slegs oor 'n stads- en streekbeplanningskwalifikasie beskik, nie het nie.

2.3 WERKGEWER

In tabel 2.3 word die soort werkewer van die ondersoekgroep, volgens beroep ontleed. Die drie werkgewergroepe is die owerheidsektor, privaatsektor en selfgeëmplo耶eerd.

TABEL 2.1
BEROEPSSTRUKTUUR, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE IN BEPLANNING

Beroeps groep	Peil van hoogste kwalifikasie in beplanning										Totaal
	Nagraadse Diploma		B-graad		M-graad		D-graad		Ander		
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Suiwer stads- en streekbeplanner	N %	46 24,7	34,3 30,6	57 82,6	71 38,2	74,0 14,6	4 2,2	57,1 42,9	8 4	57,1 28,6	186 100
Stads- en streekbeplan= ners, en ander beroep	N %	40 63,5	29,9 3,2	2 3,2	14 22,2	14,6 4,8	3 4,8	42,9 11,5	4 2	28,6 14,3	63 100
Ander beroep	N %	48 67,6	35,8 14,1	10 14,1	11 15,5	11,5 15,5			2,8 2,8	14,3 71	22,2 100
TOTAAL	N %	134 41,9	100 21,6	69 30,0	100 30,0	96 2,2	7 100	100 4,3	14 4,3	100 100	320 100

TABEL 2.2
RIGTING VAN KWALIFIKASIE WAT TOELATING VERLEEN HET TOT EERSTE KWALIFIKASIE IN BEPLANNING

Kwalifikasie	Beroepsgroep			N	%
	Stads- en streekbepanners ander beroep	Stads- en streek- bepanners en ander beroep	Ander beroep		
Nie van toepassing nie	64	34,4	1	1,6	11
Ingenieurswese	12	6,5	15	23,8	24
Landmeetkunde	25	13,4	13	20,6	1
Argitektuur	17	9,1	27	42,9	30
B.A.-graad	41	22,0	5	7,9	3
B.Com.-graad	12	6,5			4,2
Diploma of the Royal Planning Institute	15	8,1	2	3,2	2
TOTAAL	186	100	63	100	71
					100

TABEL 2.3
VERDELING VAN DIE ONDERSOERGROEP, VOLGENS BEROEP EN WERKGEWER

Werkgewer	Beroep						Totaal		
	Stads- en Streekbeplanners		Stads- en streekbeplanners en ander beroep		Ander beroep				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Selfgeëmplojeerd Owerheidsektor	27	14,5	26	41,3	34	47,9	87	27,2	
Staat en Provinciale Administrasie	43	23,1	8	12,7	5	7,0	56	17,5	
Plaaslike Owerhede	81	43,5	15	23,8	10	14,1	106	33,1	
Semi-staatsinstellings	12	6,5	3	4,8	2	2,8	17	5,3	
Subtotaal: Owerheidsektor	136	73,1	26	41,3	17	23,9	179	55,9	
Privaatsektor									
Openbare korporasies	2	1,1	3	4,8	2	2,8	4	1,3	
Privaatfirms	15	8,1	16	22,5	34	10,6	
Subtotaal: Privaatsektor	17	9,1	3	4,8	18	25,4	38	11,9	
Kombinasie: Eie praktyk en privaatsektor	6	3,2	8	12,7	2	2,8	16	5,0	
TOTAAL	186	100	63	100	71	100	320	100	

Die owerheidsektor sluit in die Staat en Provinciale Administrasies, plaaslike owerhede, semi-staats- en staatbeheerde instellings, byvoorbeeld WNNR, SAS & H, HPK, beheerraade en universiteite. Die privaatsektor sluit in werknekmers van openbare korporasies, privaatfirmas, ensovoorts. Selfgeëmplojeerd sluit in persone in eie praktyk asook vennote van professionele ondernemings of besturende direkteure wat meer as 50 persent van die maatskappy se aandele besit.

In die geheel gesien blyk dit uit tabel 2.3 dat die meeste werkgeleenthede vir werknekmers met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning te vinde is in die owerheidsektor (55,9%) en meer spesifiek plaaslike owerhede (munisipaliteit) (33,1%), en staatsdepartemente (bv. Departement van Beplanning en Omgewing en Gemeenskapsbou) en Provinciale Administrasies - (17,5%).

Net meer as 'n kwart van die ondersoekgroep is selfgeëmplojeerd (27,2%). Vanweë die aard van stads- en streekbeplanningswerk, is die werkgeleenthede in die privaatsektor relatief min (11,9%). Dit is waarskynlik hoofsaaklik konsultfirmas en eiendomsontwikkelingsmaatskappye wat persone met stads- en streekbeplanningskwalifikasies in diens neem.

Die grootste persentasie suwer stads- en streekbeplanners is volgens tabel 2.3 werksaam in die owerheidsektor (73,1%). Die persentasie suwer stads- en streekbeplanners wat selfgeëmplojeerd is (14,5%), is aansienlik kleiner as dié persone wat beide stads- en streekbeplanning en ander werk doen (41,3%) en persone in ander beroepe (47,9%) wat selfgeëmplojeerd is.

Hierdie verskille in die werkgewerverdeling van die drie beroepsgrhoepe hou verband met die verskille in hul kwalifikasiestruktuur (par. 2.2). Die argiteks-, landmeetkunde- en ingenieursberoepe leen hulle tot die stigting van eie praktyke meer as die stads- en streekbeplannersberoepe. Die rede hiervoor is te vinde in die mark vir hierdie dienste. Kwalifikasies in argitektuur, ingenieurswese en landmeetkunde het dus 'n belangrike uitwerking op die werkgewerverdeling.

2.4 LIDMAATSKAP VAN DIE INSTITUUT VAN STADS- EN STREEKBEPANNERS

Dit is nie 'n vereiste om by 'n statutêre beroepsraad te registreer om die beroep stads- en streekbeplanner te beroef nie. Die Instituut van Stads- en Streekbeplanners het heelwat van die funksies wat normaalweg deur so 'n beroepsraad uitgeoefen word, as doelstellings aanvaar, soos uit die onderstaande

uittreksel uit die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners se Jaarboek (1974) blyk.

Die Instituut stel hom die volgende ten doel:

- (a) "Om die wetenskap en kuns van Stads- en Streekbeplanning en Stadsontwerp te bevorder;
- (b) om die aard en belang van die beroep te handhaaf, te bevorder en te beskerm;
- (c) om eerbare optrede te bevorder, wanpraktyke te onderdruk, en om oor alle vraagstukke in verband met professionele gebruik, en hoflikheid tussen die lede van die beroep te beslis;
- (d) om beheer oor die professionele gedrag van STUDENTE, GRADUATE en LEDE van die Instituut uit te oefen en dissipline te handhaaf;
- (e) om alle vraagstukke te oorweeg wat die belang van die beroep raak, en om wetgewing en alle algemene maatreëls wat die beroep raak, aan te voor en daaroor te waak en, as dit nodig is, petisies daaroor tot die President van die Republiek van Suid-Afrika, die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, die Proviniale Administrasies, plaaslike owerhede of enige ander bevoegde liggaam te rig; om wysigings aan die wette of gebruikte te bewerkstellig en om verbeterings in die regsbeginsels en regsbedeling te bevorder wat nodig of wenslik geag word;
- (f) om inligting oor vordering in die wetenskap en kuns vir sover die belang van die beroep daardeur bevorder kan word, of mondeling of deur middel van geskrifte of drukwerk te versprei.
- (g) om uitstallings te hou; om byeenkomste te reël vir die lede van die beroep en vir ander persone met kennis wat vir die lede van die beroep van belang kan wees, en om onderwerpe daarop te bespreek wat die lede raadsaam ag;
- (h) om verslae van die verrigtinge van dié byeenkomste te druk, te publiseer en uit te stuur, asook referate wat op dié byeenkomste gelewer of voorgedra is;
- (i) om by wyse van aankoop, skenking of andersins 'n boekery wat vir die doel van die Instituut geskik is, aan te skaf en dit van tyd tot tyd aan te vul;

(j) om onderrig in en navorsing oor stads- en streekbeplanning en stadsontwerp te bevorder, en ook om studiebeurse, tipendiums en pryse in te stel."

Volgens die reëls van die Instituut van Stads- en Streekbeplanners (ISS) word daar onderskei tussen 'n Erelid, 'n Korporaatlid, Oud-lid, Graduaat van die Instituut en Student van die Instituut.

"'n Erelid word ooreenkomsdig die Statute deur die Raad verkies en is iemand wat nie die beroep van stads- en/of streekbeplanner beoefen nie, maar wat die Instituut graag op grond van sy voortreflikheid op wetenskaplike, stads- of streekbeplanningsgebied of verwante gebied wil vereer. Iemand bly 'n Erelid solank dit die Raad behaag."

'n Korporaatlid is iemand wat in 'n kwalifiserende eksamen wat die Raad goedgekeur het, geslaag het en wat daarbenewens bewys gelewer het dat hy tot voldoening van die Raad minstens twee jaar praktiese na-kwalifiseringsondervinding in stads- en/of streekbeplanning opgedoen het, met dien verstande dat die Raad kan toelaat dat hoogstens een jaar van dié ondervinding voor-kwalifiseringsondervinding onder leiding van 'n Korporaatlid opgedoen is of 'n aantal aspekte van beplanning gedek het.

'n Oud-lid is 'n lid wat nie meer die beroep van stads- en streekbeplanning beoefen nie, maar wat nog belang by die beroep wil hê. 'n Oud-lid word nietemin deur die toepaslike reëls gebind.

'n Graduaat van die Instituut is iemand wat 'n akademiesegraad of nagraadse diploma in stads- en streekbeplanning het wat deur die Raad goedgekeur is, maar nog nie vir lidmaatskap in aanmerking kom nie. 'n Graduaat word nietemin deur die toepaslike reëls gebind.

'n Student van die Instituut is iemand wat beroepsopleiding in stads- en/of streekbeplanning wat die Raad geskik ag, ontvang, maar nog nie vir lidmaatskap in aanmerking kom nie. 'n Student word nietemin gebind deur die toepaslike reëls.

'n Student of Graduaat moet binne 12 maande nadat hy vir verkiesing in aanmerking kom, aansoek doen om na gelang van die geval as 'n Graduaat of Korporaatlid verkies te word.

Aansoek om toelating tot die Instituut moet skriftelik gedoen word en die aansoeker word aan 'n keuring onderwerp, op grond van spesifikasies wat deur die Instituut voorgelê word.

Elke aansoeker moet benewens ledegeld ook verkiesings registrasiegeld wat deur die reël van die Instituut voorgeskryf word, betaal.

Die ondersoekgroep is gevra om aan te toon of hulle aan die Instituut behoort, en indien nie, hoekom nie. Tabel 2.4 toon die verdeling van die ondersoekgroep, volgens lidmaatskap aan die Instituut van Stads- en Streekbeplanners.

Volgens tabel 2.4 is 147 (45,9%) persone in die ondersoekgroep ($N = 320$) volwaardige lede en 70 (21,9%) persone in die ondersoekgroep is graduate of studente van ISS. Soos verwag kan word is die persone wat aktief met stads- en streekbeplanning gemoeid is, in groter mate lede van die Instituut as dié wat ander beroep beoefen. Onder die suiwer stads- en streekbeplannersgroep is daar 'n groot groep graduatalede wat waarskynlik later korporaatlidmaatskap sal kan verwerf. 'n Honderd-en-drie (32,2%) persone in die ondersoekgroep is nie lede of gradaute of studente van ISS nie. In tabel 2.5 word die redes verstrek hoekom die persone nie lede is nie. Uit die tabel blyk dat 'n belangrike rede waarom stads- en streekbeplanners nie lede word van die ISS nie, daarin geleë is dat die Instituut slegs prestigieerde skep en geen wetlike beskerming vir die beroepsbeoefenaars bied nie. Indien die 8,7 persent wat lidmaatskap as onnodige uitgawe beskou by die groep getel word, toon tabel 2.5 dat meer as 'n derde van die nie-lede meen dat lidmaatskap nie juis waarde het nie. Die oorgrote meerderheid van die net meer as 20 persent wat sê dat hulle nie toelating kan kry nie se probleme draai om die ervaringskomponent van toelating.

2.5 HUISTAAL EN OUDERDOM

Die taalverdeling van die ondersoekgroep toon volgens tabel 2.6 dat daar ongeveer twee Engelssprekendes is vir elke Afrikaanssprekende. Twee-en-sestig persent van die ondersoekgroep is Engelssprekend.

In vergelyking met die 186 suiwer stads- en streekbeplanners se mediaanouderdom van 34,2 jaar, is die persone wat stads- en streekbeplanning, en ander beroep beoefen as groep 11,8 jaar ouer (tabel 2.7) en die persone wat slegs ander nie-stads- en streekbeplanningsberoep beoefen as groep, 15,5 jaar ouer.

TABEL 2.4
BEROEPSGROEP, VOLGENS LIDMAATSKAP VAN DIE INSTITUUT VIR STADS- EN STREEKBEPANNERS

Beroepsgruppe	Lidmaatskap						Totaal	
	Student van Instituut	Graduaat van Instituut	Korporaat-lid	Oud-lid	Nie-lid		N	%
Suiwer stads- en streekbepanners	N %	N %	N %	N %	N %	N %	186	58,1
	12 6,5	80,0 23,7	44 46,8	80,0 1,6	75,0 21,5	38,8		100
Stads- en streekbepanner, en ander beroep	N %	N %	N %	N %	N %	N %	63	19,7
	2 3,2	13,3 6,3	4 63,5	7 40	3 28,0	17 27,0		100
Ander beroep	N %	N %	N %	N %	N %	N %	71	22,2
	1 1,4	6,7 9,9	7 22,5	12,7 16	11,2 1	25,0 1,4	44,7 64,8	100
TOTAAL	N %	N %	N %	N %	N %	N %	320	100
	15 4,7	100 17,2	55 44,7	100 44,7	100 1,3	100 32,2		100

TABEL 2.5
REDE WAAROM NIE LID VAN ISS, VOLGENS BEROEPSGROEP

Redes	Beroeps groep			Totaal		
	Stads- en streekbepanners		Ander beroep			%
	Suiwer stads- en streeke=planners	Stads- en streekbepanners, en ander beroep		N	%	
	N	%		N	%	N
Instituut bied slegs prestigewaarde en geen wetlike beskerming	23	57,5	3	17,6	1	2,2
Onnodige uitgawe	4	10,0	3	17,6	2	4,3
Kry nie toelating nie	10	25,0	5	29,4	9	19,6
Nie aktief in die beplanningsveld nie	1	2,5	6	35,3	33	71,7
Geen rede verskaaf nie	2	5,0			1	2,2
TOTAAL	40	100		17	100	46
						100

TABEL 2.6
HUISTAALVERDELING

Huistaal	N	%
Afrikaans	121	37,8
Engels	199	62,2
TOTAAL	320	100

TABEL 2.7
OUDERDOM, VOLGENS BEROEPSGROEP

Ouderdom	Beroepsgroep						Totaal	
	Suiwer stads- en streekbe= planners		Stads- en streekbe= planners, en ander beroep		Ander beroep			
	N	%	N	%	N	%		
20-24	3	1,6	1	1,6	1	1,4	5 1,6	
25-29	48	25,8	5	7,9	10	14,1	63 19,7	
30-34	45	24,2	11	17,5	3	4,2	59 18,4	
35-39	15	8,1	5	7,9	5	7,0	25 7,8	
40-45	23	12,4	8	12,7	9	12,7	40 12,5	
46-49	20	10,8	14	22,2	9	12,7	43 13,4	
50-54	17	9,1	4	6,3	11	15,5	32 10,0	
55-59	3	1,6	3	4,8	11	15,5	71 5,3	
60-64	4	2,2	12	19,0	5	7,0	21 6,6	
65+	8	4,3			7	9,9	15 4,7	
TOTAAL	186	100	63	100	71	100	320 100	
Mediaan	34,2		46,04		49,7		40,5	

Die bestaande verskille in ouderdom word verklaar deur die feit dat 'n B-graad in suiwer stads- en streekbeplanning eers in die sestigerjare aangebied is. Dit is dan ook die persone wat oor hierdie kwalifikasie beskik wat nie enige ander beroep kan beoefen nie. Vroeër was 'n kwalifikasie in stads- en streekbeplanning ingeënt op 'n reeds bestaande kwalifikasie, sodat persone die keuse het om of albei die beroepe te beoefen of net die beroep waarvoor sy oorspronklike kwalifikasie hom bekwaam het.

HOOFSTUK 3

WERKSITUASIE VAN STADS- EN STREEKBEPOLLTERS

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verskeie aspekte van die beroepsbeoefening van stads- en streekbeplanners byvoorbeeld beroepsfunksies, werkure, salaris en aspekte bespreek wat 'n invloed op die doeltreffende uitvoering van sodanige werk het. Die mate van werktevredenheid en die benutting en doeltreffendheid van opleiding word ook behandel.

Die groep stads- en streekbeplanners word vir hierdie besprekking gebruik, met ander woorde, soos in paragraaf 1.4 uiteengesit, al die persone met kwalifikasies in stads- en streekbeplanning wat werktyd aan stads- en streekbeplanningsaktiwiteite bestee ($186 + 63 = 249$ persone).

3.2 BEROEPSFUNKSIES

In enige beroep word 'n verskeidenheid van funksies verig. Sommige funksies is gemeenskaplik aan baie beroepe, maar daar is ook funksies wat eie aan 'n spesifieke beroep is en die beroep van ander beroepe onderskei. Dit is veral hierdie eisoortige funksies wat by 'n beroepstudie van belang is. Die relatiewe belangrikheid van 'n beroepsfunksie kan uit 'n verskeidenheid van gesigspunte benader word. In hierdie verslag word die belangrikheid van 'n funksie bepaal deur na die hoeveelheid werktyd wat aan die funksie bestee word, te kyk.

Vraag 10 (bylae A) van die vraelys is in samewerking met 'n aantal praktiserende stads- en streekbeplanners en die ad hoc-komitee van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners opgestel en vereis dat die respondent teenoor elk van 25 beroepsfunksies moet aantoon hoeveel werktyd die afgelope jaar aan 'n betrokke funksie bestee is. Persentasietyd-intervalle word in die vraelys verstrek. Die respondent moes ook aantoon of die werktydbesteding in die afgelope jaar toe- of afgeneem of konstant gebly het. Beroepsfunksies hang ten nouste saam met die doel en werksaamhede van die werkgewer. Waar die doelstellings van die verskillende werkgewers uiteraard verskil, word die funksies van die beoefenaars volgens werkgewer ontleed.

Van die 249 stads- en streekbeplanners het 170 (68,3%) die vraag oor beroepsfunksies beantwoord. Die volledige inligting wat met hierdie vraag ingesamel is, verskyn in bylae B. 'n Opvallende kenmerk van die gegewens is dat daar maar relatief

min respondentie in die persentasie kategorieë 30 en meer persent werktyd voorkom. Die normale patroon waar 'n persentasie werktyd by 'n funksie aangedui is, is dat die kategorie > as 10 persent die grootste persentasie respons het. Dit beteken dat die meeste beplanners aan heelwat funksies tyd bestee.

Daar is tog funksies wat belangriker as ander is, volgens tydbesteding. Om die gegewens oorsigteliker te maak en slegs die belangriker funksies uit te sonder, is daardie funksies waar minstens 30 persent van die persone in enigeen van werkgewer-groepe aangedui het dat hulle meer as 10 persent van hul werk-tyd aan sodanige funksie bestee, in tabel 3.1 opgeneem. Die minder belangrike funksies is dus daardie funksies waar ongeveer twee derdes van die werkgewer-groepe aangedui het dat hulle óf geen óf minder as 10 persent van hul tyd aan die funksie bestee.

In tabel 3.1 verskyn tydbestedingsindekse wat bloot die rekenkundige gemiddelde is as 'n twee aan die persentasiekategorie 10-29 persent, drie aan die kategorie 30-49 ensvoorts, toegeken word. Geen indeks is bereken as die respons in 'n werk-gewer-groepe nie aan die seleksienorm voldoen nie. In die tabel verskyn ook 'n N-waarde wat aandui hoeveel persone van die werk-gewer-groepe verklaar het dat hulle meer as 10 persent van hul werktyd aan die spesifieke funksie bestee.

Die 25 funksies wat in die bylae opgeneem is, het as gevolg van die seleksie verminder na 12. In die beplannings-aksie is hierdie 12 funksies dus die belangrikste funksies volgens die groep se tydbesteding. Daar is natuurlik enkele be-planners wat tot 50+ persent bestee aan funksies wat as onbelangrik vir die groep beskou word.

Opmerklik is dat van al die funksies wat miskien direk-ter op die produksie van 'n plan dui, net die opstel van Nasionale Planne nie in tabel 3.1 opgeneem is nie. Daar is ook 'n duidelike verskil in die aard van die werk van die drie werkge-wer-groepe. Na gelang van tydbesteding is slegs ses van die 25 funksies belangrik vir werknemers in die privaatsektor en nege vir selfgeëmplejoerdees.

Van die 12 funksies, is werknemers in die owerheidsek-tor met 11 gemoeid en tabel 3.1 sowel as bylae B toon dat die funksies van stads- en streekbeplanners in die owerheidsek-tor 'n wyer span het as dié in die privaatsektor.

TABEL 3.1

TYDBESTEDINGSINDEKSE VIR FUNKSIES WAARAAN MINSTENS 'N DERDE VAN 'N WERKNEMERGROEP MEER AS 10 PERSENT WERKTYD BESTEE

Funksie	Werknemers		
	Owerheid= sektor (Totale N = 127)	Privaat= sektor (Totale N = 17)	Selfgeëm= plojeerd (Totale N = 26)
1 Opstel van nuwe dorpsbeplanningskemas en hersiening van bestaande dorpsbeplanningskemas	2,9 N=49	-	3,0 N=8
2 Administrasie van dorpsbeplanningskemas	2,6 N=57	-	-
3 Hersonering, verkryging van toestemmingsgebruiken en van besigheidregte buite skemasgebiede.	2,7 N=45	2,1 N=7	2,3 N=9
4 Hantering van aansoek vir stigting van nuwe dorpe	2,7 N=39	2,7 N=7	2,6 N=14
5 Skakel van komiteewerk	2,6 N=52	-	2,1 N=9
6 Advieslewering	2,9 N=51	2,2 N=6	2,0 N=10
7 Opstel van stedelike en/of streekgidsplanne	2,7 N=43	-	-
8 Opstel van kleinskaal-/oorhoofse planne	2,4 N=41	2,5 N=10	3,0 N=9
9 Opstel van grootskaalontwikkelingsplanne van terreine, en stads- of dorpsgebiede	2,6 N=39	2,2 N=6	3,3 N=7
10 Opstel van gedetailleerde en/of onderverdelingsplanne	-	2,2 N=11	2,9 N=10
11 Onderneem van opname- en beplanningsnavorsing	2,8 N=48	-	-
12 Interne administratiewe funksies	2,8 N=63	-	2,6 N=19

'n Ander opmerklike verskynsel uit die tydbesteding van die beroepsfunksies is dat alhoewel sommige stads- en streekbeplanners wel baie van hul werktyd aan enkele funksies bestee, daar nie huis in groepsverband, sprake van spesialisasie op 'n enkele funksie is nie, want die tydbestedingsindekse verskil nie veel nie. Wat die selfgeëmplojeerde betref, is daar 'n iets wat groter klem op die opstel van planne as sodanig (vgl. funksies 1, 8 en 9 in tabel 3.1).

Die opstel van gidsplanne, wat soos die naam aandui, bedoel is om rigtinggewend eerder as gedetailleerd te wees, is meer 'n funksie wat hoofsaaklik by die owerheidsektor tuishoort.

Dit is verder duidelik uit die funksies wat in tabel 3.1 opgeneem is dat die werk van stads- en streekbeplanners wye kennis vereis. Enkele voorbeeld kan ter illustrasie genoem word. Die onderneem van opnames en beplanningsnavorsing is 'n belangrike funksie. Die metodes van hoe om wetenskaplike opnames te onderneem, moet in die opleiding dus deeglike aandag kry, want die inligting word in die beplanningsaksie gebruik. 'n Ander funksie wat in tabel 3.1 voorkom, is hersonerings en die verkryging van toestemmingsgebruiken en besigheidsregte buite skemasgebiede. So 'n funksie vereis dat die beplanner deeglik op hoogte moet wees met die wetlike en administratiewe aspekte wat op hierdie funksie van toepassing is. Die verskeidenheid van beroepsfunksies toon dat die beroep van stads- en streekbeplanner 'n beroep van vele fasette is.

Van die ondersoekgroep is verwag om aan te dui of die funksies die afgelope jaar volgens tydbesteding konstant gebly, toe- of afgeneem het. Slegs persone wat die funksie verrig, kon natuurlik antwoord en nie almal van die persone het die vraag beantwoord nie. Vandaar die wisselende N'e in tabel 3.2 waar 'n ontleding van hierdie vraag voorkom.

Tabel 3.2 toon dat ongeveer 50 persent van die ondersoekgroep van mening is dat hul tydbesteding aan die verskillende funksies gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, naastenby konstant gebly het.

Indien gelet word op die funksies waaraan 'n relatief groot aantal stads- en streekbeplanners tyd bestee ($N > 80$ d.w.s. $> 50\%$ van die ondersoekgroep) toon sommige funksies 'n redelike toename. Hier kanveral die opstel van nuwe dorpsbeplannings-skemas en die administrasie daarvan sowel as die funksies wat met die opstel van gids-, meester- en ontwikkelingsplanne te doen het, genoem word. Die hantering van die aansoeke om die stigting van nuwe dorpe toon 'n afname. Hierdie afname is waarskynlik te wyte aan die slapte in die ekonomie ten tyde van die ondersoek (1977).

TABEL 3.2
RIGTING VAN VERANDERING IN TYDBESTEDING AAN FUNKSIES

Beroepsfunksie	Rigting van verandering			Getal per persone
	Toegeneem	Konstant	Afge neem	
Doseerwerk	N 5 % 22,7	11 50,0	6 27,3	22 100
Opstel van nuwe dorpsbeplanningskemas en hersiening van bestaande skemas	N 41 % 40,6	45 44,6	15 14,9	101 100
Administrasie van dorpsbeplanningskemas	N 26 % 29,9	46 52,9	15 17,2	87 100
Hersonderlings, verkrywing van toestemmingsgebruiken van besigheidsregte buite skemagebiede	N 30 % 29,1	52 50,5	21 20,4	103 100
Hantering van aansoek vir die stigting van nuwe dorpe	N 22 % 13,8	35 57,9	45 28,3	159 100
Wettiging van onwettige dorpe	N 5 % 19,2	14 53,8	7 26,9	26 100
Uitbreidung van dorpsgrense (inlywings)	N 12 % 19,4	39 62,9	11 17,7	62 100
Reservering van grond vir dorpstigtingdoeleindes	N 18 % 27,7	35 53,8	12 18,5	65 100
Verhoging van permitte vir nywerheidserwe	N 4 % 14,8	14 51,9	9 33,3	27 100
Onderverdeling van plase, landbouhoewes en erwé	N 20 % 23,3	51 59,3	15 17,4	86 100
Hantering van aansoek vir die onderverdeling van geboue (deeltels)	N 20 % 48,8	13 31,7	8 19,5	41 100
Groepsgebiedeaansoek	N 5 % 71,4	2 28,6	7 100	7 100
Sluiting van parke en strate	N 2 % 13,3	7 46,7	6 40,0	15 100
Verteenwoordiging by dorpsraadinspeksies en verhore	N 2 % 9,5	13 61,9	6 28,6	21 100
Skakel- en komiteewerk	N 44 % 40,0	56 50,9	10 9,1	110 100
Advieslewering	N 10 % 33,3	15 50,0	5 16,7	30 100
Aanwysing van ontwikkelingspunte en terreine vir nuwe dorpe	N 25 % 37,9	29 43,9	12 18,2	66 100
Aanwysing van nywerheidsgroeipunte	N 10 % 25,0	23 57,5	7 17,5	40 100
Opstel van Nasionale Planne	N 6 % 20,7	15 51,7	8 27,6	29 100
Opstel van stedelike en/of streekgidsplanne	N 38 % 42,7	42 47,2	9 10,1	89 100
Opstel van kleinskaal- oorhoofse meesterplanne	N 49 % 45,8	44 41,1	14 13,1	107 100
Opstel van grootskaalontwikkelingsplanne	N 38 % 40,9	40 43,0	15 16,1	93 100
Opstel van gedetailleerde dopsuitleg- en/of onderverdelingsplanne	N 25 % 26,9	41 44,1	27 29,0	93 100
Onderneem van opnames en beplanningnavorsing	N 47 % 42,7	49 44,5	14 12,7	110 100
Interne administratiewe funksies	N 51 % 39,5	73 56,6	5 3,9	129 100

3.3 BELANGRIKHEID VAN SEKERE VAARDIGHEDЕ

In die vorige paragraaf is die belangrikheid van sekere beroepsfunksies bespreek. Om die funksies doeltreffend te kan uitvoer, moet die beoefenaar oor sekere vaardighede beskik. In vraag 13 van die vraelys moes die respondentе op 'n 5-puntskaal (5 baie belangrik tot 1 nie belangrik nie) aandui hoe belangrik die spesifieke vaardigheid vir die doeltreffende uitvoering van sy stads- en streekbeplanningswerk is.

Tabel 3.3 toon die ontleding van die respons op hierdie vraag. Behalwe die gemiddelde respons om elke item van die vraag, word ook aangetoon watter persentasie van die ondersoek-groep die vermoë as belangrik (4 en 5 op die skaal) beskou. Van die 249 stads- en streekbeplanners het 174 (69,9%) die vraag beantwoord.

Die belangrikheid van sekere vaardighede vir die doel-treffende beoefening hou verband met die beroepsfunksies. Uit tabel 3.1 is dit duidelik dat die beroep van stads- en streek-beplanner 'n verskeidenheid van soms relatief uiteenlopende funksies insluit wat in die lig van die interdissiplinêre aard van die beplanningsaksie te begrype is. Volgens tabel 3.3 staan die vermoë om 'n probleem te formuleer sentraal tot die werk van stads- en streekbeplanner, want 96,6 persent van die respondentе beskou hierdie vermoë as belangrik. Hierdie vaardigheid hou verband met die vermoë tot sintese van 'n groot hoeveelheid feite-materiaal (79,9% beskou die vermoë belangrik) wat ook waarskynlik uit 'n verskeidenheid van bronne en dissiplines afkomstig is. Die beplanner is dus eerder generalis as spesialis. Die sintese wat uiteindelik op 'n plan uitloop, moet deur 'n verskeidenheid van persone en instansies binne 'n vasgestelde statutêre opset aanvaar en goedgekeur word. Daarby werk die beplanner gewoonlik nie alleen nie, maar as lid van 'n span. Dit is dan ook geen wonder dat die vermoë om duidelik te kan skryf, met ander woorde skriftelik te kan kommunikeer sonder gevaar van misverstand deur 92,5 persent van die respondentе as belangrik beskou word nie. Saam met hierdie vaardigheid gaan ook die vermoë om met persone in magsposisies (85,1% belangrik) en kliënte (64,9% belangrik) te onderhandel.

Bogenoemde vaardighede word nie maklik deur 'n formeel leerproses ontwikkel nie. Alhoewel oefening help, is die inherente vermoë van die persoon van groot belang in die ontwikkeling van hierdie vaardighede. Dit is dan ook interessant dat die vaardighede wat hoofsaaklik op die bemestering van tegnieke neerkom (items 8-16) nie so belangrik beskou word nie. Gegewe 'n basiese aanleg en intelligensievlek kan hierdie vermoëns aange-

leer word. Die tegnieke word ook nie deur almal in hul werk gebruik nie, en as die tegniek nie gebruik word nie, is die vermoë om dit te kan gebruik nie belangrik nie en waarskynlik ook in baie gevalle projekgebonde.

TABEL 3.3

BELANGRIKHEID VAN SEKERE VERMOËNS IN STADS- EN STREEKBEPANNINGSWERK

Omskrywing van vermoë	Belangrik		In=deks
	N	%	
Vermoë om 'n probleem te formuleer en om plante te beraam om 'n antwoord te bekom	168	96,6	4,7
Vermoë om duidelike, memoranda en persvrystellings te skryf	161	92,5	4,5
Vermoë om met persone in magsposisies te onderhandel	148	85,1	4,3
Vermoë tot sintese van groot hoeveelheid feitemateriaal	139	79,9	4,2
Vermoë om 'n terrein te kan beplan	133	76,4	4,1
Vermoë om die kliënt se probleme in te sien en 'n ontwerp te lewer wat die probleem oplos	125	71,8	3,9
Vermoë om met kliënte te werk en om onderhandelingsmoontlikhede in te sien	113	64,9	3,8
Vermoë om ruimtelike ontwerp te kan doen bv. tekeninge, kaarte en sin vir die estetiese	111	63,8	3,8
Vermoë om inligting te versamel met behulp van opnames en onderhoude	110	63,2	3,8
Kennis van gepubliseerde bronne soos die bevolkingsensus	94	54,0	3,6
Vermoë om statistiek te gebruik	84	48,3	3,6
Vermoë om ekonomiese tegnieke te gebruik, byvoorbeeld, kostevoordeelanalise inset-uitsetanalise, ekonomiese basis studies, ens.	61	35,1	3,0
Beheer van interne administrasie en bestuurstegnieke byvoorbeeld, PERT, MBO en PPBS	44	25,3	2,7
Vermoë om met die rekenaar te kommunikeer	38	21,8	2,6
Vermoë om operasionele navorsing met behulp van waarskynlikheidsonledings en liniére programmering te onderneem	24	13,8	2,3
Vermoë om te kan fotografeer, films en video-opnames te maak	11	6,3	2,0

Hierdie bevinding is breedweg in ooreenstemming met die bevinding van Schon, Cremer, Osterman en Perry (1976) in verband met 'n studie oor die oudstudente in beplanning van Massachusetts Institute of Technology. Hulle skryf in verband met hierdie vermoëns: "The rhythm of his working life is shaped by the element called the planning project ... Projects are charactistically too large to be carried out by one person, and participation in a project requires interaction with others inside and outside the project team. The planner typically receives information from various sources, processes it and passes it on. If this is typical of the planners situation, we can better understand the priorities he attaches to skills. Synthesis and research design are the problem - setting and problem solving tasks essential to review of a situation and consideration of the effects of alternative proposals. Writing, interaction and consulting are the skills essential if the planner is to make his research skill count ...

Specific knowledge of program areas and specific techniques have their importance ... They are instruments where appropriateness varies with particular project situations. But generic skills are valued across the range of project situations ..." (p 201).

3.4 WERKURE

Die mediaantydbesteding (tabel 3.4) aan suiwer stads- en streekbeplanningsaktiwiteite van die totale groep stads- en streekbeplanners is 39,8 uur per week. Sowat 35 persent van die stads- en streekbeplanners bestee tyd aan verbandhoudende beroepsaktiwiteite en ongeveer 21 persent bestee tyd aan nie-verbandhoudende beroepsaktiwiteite. Die omvang van die tydbevesteding in albei hierdie gevalle is relatief klein.

Die verdeling volgens werkgewersektor toon dat dit veral selfgeëmplojeerde stads- en streekbeplanners is wat tyd bestee aan verbandhoudende beroepsaktiwiteite. Die mediaantydbesteding aan verbandhoudende beroepsaktiwiteite van selfgeëmplojeerdes is 11,2 uur per week, terwyl die mediaantydbesteding aan verbandhoudende beroepsaktiwiteite van die ander twee werkgewersektore in dié 'geen' klasinterval is.

3.5 SALARIS

Die respondent moes in die vraelys (vraag 6, bylae A) hul jaarlikse salaris voor enige aftrekkings aantoon. Slegs die salaris wat hulle as gevolg van die direkte beoefening van

TABEL 3.4
WERKURE PER WEEK, VOLGENS SOORT BEROEPSAKTIVITEIT EN WERKGEWERSECTOR

Uur per week	Overheidsektor						Privaatsektor						Sel geëmploeid						Totaal					
	Stads- en streeks- plannings- aktiviteit		Verbandhou- ende beroeps- aktiviteit		Stads- en streeks- plannings- beroeps- aktiviteit		Nieuw- verband- houdende beroeps- aktiviteit																	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Geen	115	75,2	129	84,3	17	65,4	21	80,8	18	35,3	32	62,7	150	65,2	182	79,1	24	10,4	27	11,7				
1-9	11	7,2	12	7,8	10	6,5	9	34,6	6	23,1	4	27,5	6	11,8	13	25,5	12	5,2	18	7,8	13	5,7		
10-19	7	4,6	12	7,8	9	5,9	5	19,2	1	3,8	5	9,8	6	11,8	3	5,9	14	6,1	13	5,7				
20-29	7	4,6	12	7,8	3	2,0	1	3,8	6	23,1	1	7,6	9	17,6	1	2,0	20	21,7	11	4,8	4	1,7		
30-39	35	22,9	36	24,6	2	1,3	6	23,1	3	11,5	9	17,6	2	3,9	1	2,0	86	37,4	9	3,9	3	1,3		
40-44	72	47,1	72	47,1	2	1,3	9	34,6	1	3,8	7	34,6	3	13,7	1	2,0	34	14,8	5	2,2	1	0,4		
45-50	21	13,7	21	13,7	2	1,3					12	23,5	3	5,9										
50+																								
TOTAAL	153	100	153	100	153	100	26	100	26	100	51	100	51	100	230	100	230	100	230	100	230	100		
Mie- di aan																29,8	11,2			39,8				

hul beroep ontvang, moes aangetoon word. Werknemers in die ouerheidsektor moes pensioendraende salarisverhogings hierby insluit. Oortydverdienste, bonusse, toelaes en ander byvoordele moes apart aangetoon word. Selfgeëmplojeerde moet hulle netto wins uit die direkte beoefening van hul beroep (voor belasting) in plaas van salaris verstrek.

Ten einde 'n oorsigtelike beeld van die salarisstruktuur van stads- en streekbeplanners te gee, word mediane en kwartiele gebruik. Die mediaansalaris (Me) beteken dat 50 persent van die persone in die betrokke groep meer en 50 persent minder as die aangeduide salaris ontvang. Die eerste kwartiel (Q_1) duï aan dat 25 persent van die groep minder, en 75 persent meer, as die aangeduide salaris ontvang. Die derde kwartiel (Q_3) duï aan dat 75 persent van die groep minder en 25 persent van die groep meer, as die aangeduide salaris ontvang.

Tabel 3.5 toon die bruto salaris/inkomste van werknemers en selfgeëmplojeerde, volgens beroepsgroep. Tabel 3.6 toon die bruto salaris/inkomste en kontantbonusse van werknemers en selfgeëmplojeerde, volgens ouderdom. Tabel 3.7 gee die bruto salaris/inkomste volgens werkgewersektor. Tabel 3.8 gee die bruto salaris/inkomste van werknemers en selfgeëmplojeerde, volgens peil van hoogste kwalifikasie. In al drie bovenoemde tabelle is die ontledings soos op 1 Maart 1977.

In hierdie salaristabelle word die mediaan- en kwartiel-salarisse nie aangedui waar daar minder as vyf persone in die groep is nie ten einde die anonimiteit van sodanige persone te beskerm. Alle salarisse/inkomste is uitgedruk in rand per jaar.

Die ontledings in tabelle 3.6 tot 3.8 het betrekking op slegs die groep suwer stads- en streekbeplanners. Die grootte van die ander twee beroepsgroepe is te klein om soortgelyke ontledings te regverdig.

Volgens tabel 3.5 is die mediaan bruto salaris van werknemers en die mediaan bruto inkomste van selfgeëmplojeerde in die stads- en streekbeplanning, en ander beroepsgroep relatief hoër, as die van die ander twee beroepsgroepe. Uit tabel 3.6 blyk dat die bruto salaris/inkomste van suwer stads- en streekbeplanners toeneem tot ongeveer 50 tot 55 jaar en dan weer effens afneem. Hierdie stigging in salarispeile tot ongeveer 50 tot 55 jaar en die afname daarna, kan as tipies van salarisouderdomgegewens beskou word (Terblanche, 1971). Sowat 86 persent van die werknemers ontvang kontantbonusse. Die mediaan-kontantbonus blyk redelik konstant te bly oor die verskillende ouderdomsintervalle.

TABEL 3.5
BRUTO SALARIS/INKOMSTE, VOLGENS BEROEPSGROEP OP 1 MAART 1977

Beroeps groep	Bruto salaris/inkomste							
	Werknemers			Selfgeëmplojeerd				
	N	Q ₁	Me	Q ₃	N	Q ₁	Me	Q ₃
Suiwer stads- en streekbepanners	148	8090	11000	13180	29	15080	18500	25250
Stads- en streekbepanner, en ander beroep	20	12000	13500	15660	28	17500	25000	28200
Ander beroep	21	9500	12110	13640	43	18060	22090	28270

TABEL 3.6

INKOMSTESTRUKTUUR VAN WERKNEMERS EN SELFGEËMPLOEERDES VAN SUIJWER STADS- EN STREEKBEPLANNERS,
VOLGENS OUDERDOM OP 1 MAART 1977

Ouderdom	Werknemers				Bruto salaris/inkomste				Kontantbonus			
	N	Q ₁	Me	Q ₃	N	Q ₁	Me	Q ₃	N	Q ₁	Me	Q ₃
20-24	3	46	5820	7630	9880	1			3	42	190	240
25-29	41	9150	10790	12050	12500	3			32	220	280	290
30-34	9	9250	10750	13250	13500	6	13000	14000	7	230	280	700
35-39	14	12310	13500	14460	14500	3			12	230	270	610
40-45	13	12000	13500	15000	16250	8	13500	15500	11	230	280	430
46-49	11	13750	14500	16250	16000	6	15500	18500	10	230	270	330
50-54	2					2			2			
55-59	7	11750	13250	14250					3			
60-64												
65+												
TOTAAL	148	8090	11000	13180	29	15080	18500	25250	127	220	270	510

TABEL 3.7
BRUTO SALARIS/INKOMSTE VAN SUIWER STADS- EN STREEKBEPLANNERS, VOLGENS WERKGEWESTSEKTOR OP 1 MAART 1977

Werkgewestsektor	Bruto salaris			
	N	Q ₁	Me	Q ₃
Openbare sektor	131	8450	11190	13450
Privaatsektor	17	7750	10830	12380
Selfgeëmplojeerdes	29	15080	18500	25250

TABEL 3.8
BRUTO SALARIS/INKOMSTE VAN WERKNEMERS EN SELFGEËMPOLEERDES VAN SUIWER STADS- EN STREEKBEPLANNERS, VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KVALIFIKAASIE OP 1 MAART 1977

Peil van hoogste kvalifikasie	Werknemers				Selfgeëmpleoerden			
	N	Q ₁	Me	Q ₃	N	Q ₁	Me	Q ₃
Diploma - B-graad	6	121	12670	13500	8	17330	20000	27000
B-graad	61	6380	9500	11750	7	10750	15500	18250
Nagraadse diploma	24	13000	14500	16000	5	20130	20750	21750
Honneurs	2	8250	10550	12440	2	14250	15500	20750
M-graad	53							
D-graad	2							
TOTAAL	148	8090	11000	13180	29	15080	18500	25250

Uit tabel 3.7 blyk dat die mediaan bruto salaris van werknekmers in die openbare sektor (R11 190 p.j.) en privaatsektor (R10 830 p.j.) nie veel verskil nie. Die mediaaninkomste van selfgeëmplojeerde (R18 500 p.j.) is die hoogste van die drie groepe. Daar moet egter in ag geneem word dat die selfgeëmplojeerde terselfdertyd ook 'n ondernemer is en dat sy vergoeding behalwe salaris ook ondernemersloon en 'n risikopremie insluit. Laasgenoemde aspek moet in berekening gebring word as die vergoeding van selfgeëmplojeerde met die salarisne van werknekmers vergelyk wil word.

Die ontleding van die mediaan- en kwartialsalarisse van stads- en streekbeplanners volgens hul hoogste kwalifikasiepeil (tabel 3.8), bring veral die volgende bevindings na vore:

- Die salarisstruktur van stads- en streekbeplanners met 'n nagraadse diploma as hoogste kwalifikasie is hoër as dié van stads- en streekbeplanners in enige ander kwalifikasiekategorie. Die rede hiervoor is waarskynlik toe te skrywe aan 'n bykomende of eerste kwalifikasie.
- Die salarisstruktur van stads- en streekbeplanners met diplomas wat vir klassifikasiedoeleindes as gelykwaardig aan 'n B-graad gestel word (Diploma in Stads- en Streekbeplanning: 3 jaar studie) is aansienlik hoër as dié van persone met B-grade.

3.6 FORMELE OPLEIDING IN STADS- EN STREEKBEPANNING

In hierdie afdeling word daar eerstens inligting versaf oor die beskikbare formele opleiding in stads- en streekbeplanning. Aandag word verder gegee aan die gebruik en doeltreffendheid van dié formele opleiding. Die Universiteite van Pretoria, Potchefstroom, Stellenbosch, Witwatersrand, Kaapstad en Natal bied kursusse in stads- en streekbeplanning aan. Die toelatingsvereistes, duur van die kursus en die universiteit wat die kursus aanbied, word hieronder volgens kursus uiteengesit (Stimie en Geggus, 1977).

B.T.P. - Bachelor of Town Planning

Toelatingsvereiste: 'n B-graad
Duur : 2 jaar voltyds
Universiteit : Natal

B.A. (Beplanning)

Toelatingsvereiste: Matrikulasievrystelling met 'n slaagpunt vir Wiskunde (hoërgraad) of ten minste 'n C-simbool vir Wiskunde op standaardgraad
Duur : 4 jaar voltyds
Universiteit : Potchefstroom

B.Sc. (Stads- en streekbeplanning)

Toelatingsvereiste: Matrikulasievrystelling met 'n slaagpunt vir
Wiskunde en Natuurwetenskap
Duur : 4 jaar voltyds
Universiteit : Pretoria

B.Sc. (T.R.P.) - Bachelor of Science in Town and Regional Planning

Toelatingsvereiste: Matrikulasievrystelling met 'n slaagpunt vir
Wiskunde of ten minste 60 persent vir Wis=
kunde op standaardgraad
Duur : 4 jaar voltyds
Universiteit : Witwatersrand

M.C.R.P. - Master of City and Regional Planning

Toelatingsvereiste: 'n B-graad
Duur : 2 jaar voltyds
Universiteit : Kaapstad

M.C.P.U.D. - Master of City Planning and Urban Design

Toelatingsvereiste: 'n Graad in Argitektuur
Duur : 2 jaar voltyds
Universiteit : Kaapstad

M.Sc. T.P. - Master of Science in Town Planning

Toelatingsvereiste: 'n Graad in een van die volgende rigtings:
Argitektuur, Boukunde, Ingenieurswese;
Landmeetkunde, Stadsbeplanning of Boureke=
ningkunde
Duur : Een jaar voltydse navorsing
Universiteit : Natal

Magister in Stads- en Streekbeplanning

Toelatingsvereiste: Een van die volgende grade:
- B.A. met ten minste een van die volgende
hoofvakke: Geografie A, Ekonomiese, Sosiolo=
gie, Bedryfsekonomie
- B.Sc. met ten minste een van die volgende
hoofvakke: Geografie B, Geologie, Wiskunde
- B.Sc. Landbou (Landboubestuur)
- B.Com.
- B.Econ.
- B.Admin.
- B.Eng. (Siviele Ingenieurswese)

- B.Sc. Bosbou
- B-graad in Argitektuur
- B-graad in Landmeetkunde

Duur : 2 jaar voltyds of 3 jaar deeltyds
 Universiteit : Stellenbosch

Diploma C.R.P. - Diploma of City and Regional Planning

Toelatingsvereiste: Standerd 10-sertifikaat en 'n diploma of professionele kwalifikasie wat deur die Senaat goedgekeur is
 Duur : 2 jaar voltyds
 Universiteit : Kaapstad

Dip. C.P.U.D. - Diploma of City Planning and Urban Design

Toelatingsvereiste: Standerd 10-sertifikaat en 'n diploma of professionele kwalifikasie in Argitektuur wat deur die Senaat goedgekeur is
 Duur : 2 jaar voltyds
 Universiteit : Kaapstad

Die beplanning van stede/streke is 'n multi-dissiplinêre taak wat die samevoeging van 'n aantal tegniese en ander rigtings behels. Verskeie vakrigtings vorm dus deel van die kursus van stads- en streekbeplanners. Volgens die jaarboeke van die universiteite wat graadkursusse in stads- en streekbeplanning aangebied, word Ekonomiese, Sosiologie, Statistiek, Aardrykskunde, Landmeetkunde, Ingenieurswese, Argitektuur en Geologie meestal by hierdie kursus ingesluit.

Om vas te stel in watter mate kennis van dié vakke gebruik word in stads- en streekbeplanningswerk en hoe doeltreffend die opleiding in dié vakke is, is vraag 12 in die vraelys ingesluit (kyk bylae A). Honderd-nege-en-sestig van die 249 stads- en streekbeplanners (67,9%) het hierdie vraag oor die gebruik en doeltreffendheid van hul formele opleiding beantwoord. Die vakke in die diplomakursusse verskil van dié in die graadkursusse, daarom die relatief kleiner respons.

'n Vyfpuntskaal is gebruik om stads- en streekbeplanners se mening oor die mate waarin formele opleiding in hul werk gebruik word, te verkry. Die getal persone (N) wat elk van hierdie skaalwaardes vir elk van die onderskeie vakgebiede gemerk het, word in tabel 3.9 gegee. Om die interpretasie van hierdie inligting te vergemaklik is die rekenkundige gemiddelde bereken wat as 'n indeks van die mate van gebruik beskou kan word.

TABEL 3.9
MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING IN WERK GEBRUIK WORD

Vakgebied	N	Mate van gebruik					Totaal	Gemiddeld		
		Min ← → Baie								
		1	2	3	4	5				
Ekonomie	N	16	27	69	37	19	168	3,09		
Sosiologie	N	26	37	62	34	10	169	2,79		
Statistiek	N	12	34	52	46	25	169	3,22		
Aardrykskunde	N	27	34	59	29	16	165	2,84		
Landmeetkunde	N	63	32	39	14	12	160	2,25		
Ingenieurswese	N	45	30	46	35	9	165	2,59		
Argitektuur	N	42	43	43	27	7	161	2,48		
Geologie	N	53	56	43	9	2	162	2,10		

Stads- en streeksbeplanners se mening oor die doeltreffendheid van hul formele opleiding is ook op 'n vyfpuntskaal ingewin en die resultate word in tabel 3.10 gegee.

TABEL 3.10
DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING IN AGT VAKKE

Vakgebied	N	Doeltreffendheid					Totaal	Gemiddeld		
		Swak ← → Goed								
		1	2	3	4	5				
Ekonomie	N	13	27	64	34	28	166	3,22		
Sosiologie	N	13	29	63	35	24	164	3,17		
Statistiek	N	14	27	57	42	28	168	3,26		
Aardrykskunde	N	10	19	48	40	38	155	3,50		
Landmeetkunde	N	14	33	44	18	23	132	3,02		
Ingenieurswese	N	15	32	49	26	19	141	3,01		
Argitektuur	N	16	19	36	29	17	117	3,10		
Geologie	N	17	28	45	20	16	108	3,41		

Tabelle 3.11 en 3.12 gee die rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die mate waarin formele opleiding in hul werk gebruik word en doeltreffendheid van formele opleiding onderskeidelik vir die drie werkgewersektore. Hierdie gegewens word in figure 3.1 tot 3.3 geillustreer.

TABEL 3.11

REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VAN DIE MATE WAARIN AGT VAKKE IN DIE STADS- EN STREEKBEPANNINGSKURSUS IN HUL WERK GEBRUIK WORD, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

Vakke	Werkgewersektor								
	Owerheidsektor			Privaatsektor			Selfgeëm= plojeerd		
	N	\bar{X}	S	N	\bar{X}	S	N	\bar{X}	S
Economie	123	3,3	1,1	16	3,9	1,1	25	3,9	1,2
Sosiologie	124	2,9	1,1	16	2,1	1,1	25	2,6	1,1
Statistiek	125	3,9	1,1	16	3,9	1,1	24	3,8	1,2
Aardrykskunde	123	3,0	1,2	16	2,1	1,2	24	2,6	1,1
Landmeetkunde	114	2,5	1,4	15	1,7	0,9	23	3,0	1,4
Ingenieurswese	119	2,8	1,3	14	2,7	1,5	23	3,0	1,0
Argitektuur	116	2,9	1,3	15	2,4	1,4	24	2,5	1,2
Geologie	116	2,3	1,2	15	2,8	1,4	24	2,2	0,9


TABEL 3.12

GEMIDDELDE DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING IN AGT VAKKE IN STADS- EN STREEKBEPANNINGSKURSUSSE, VOLGENS WERKGEWERSEKTOR


Vakke	Werkgewersektor								
	Owerheidsektor			Privaatsektor			Selfgeëm= plojeerd		
	N	\bar{X}	S	N	\bar{X}	S	N	\bar{X}	S
Economie	123	3,3	1,6	15	2,7	1,1	25	3,1	1,1
Sosiologie	124	3,3	1,2	15	2,9	1,1	25	3,2	0,9
Statistiek	125	3,4	1,2	16	3,1	0,9	24	2,7	1,1
Aardrykskunde	123	3,7	1,3	16	3,6	1,2	25	3,6	1,2
Landmeetkunde	124	3,7	1,6	16	3,7	1,9	24	3,6	1,6
Ingenieurswese	121	3,4	1,5	16	3,9	2,0	23	3,3	1,2
Argitektuur	121	3,7	1,8	16	4,4	2,3	24	3,7	1,5
Geologie	121	3,6	1,6	16	4,3	2,0	25	3,3	1,4

FIGUUR 3.1
MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR STADS-
EN STREEKBEPLANNERS IN DIE OPENBARE SEKTOR


— Mate waarin formele opleiding in werk gebruik word
- - - - Doeltreffendheid van opleiding



FIGUUR 3.2
MATE WAARIN FORMELE OPLEIDING GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR
STADS- EN STREEKBEPLOANERS IN DIE PRIVAATSEKTOR



FIGUUR 3.3
MATE WAARIN OPLEIDING IN WERK GEBRUIK WORD EN DOELTREFFENDHEID VAN OPLEIDING VIR SELFGEËMPLOEERDE STADS- EN STREEKBEPOLLERS



Deur die indekswaardes in tabel 3.9 vir die verskeie vakrigtings met mekaar te vergelyk kan die mate waarin formele opleiding in een vakrigting relatief tot die ander vakrigting gebruik word, bepaal word. 'n Hoër indekswaarde beteken dat formele opleiding meer gebruik word. Dieselfde geld ook vir tabel 3.10. Hoe hoër die indekswaarde hier is, hoe doeltreffender was die opleiding.

Uit tabel 3.9 blyk dat stads- en streekbeplanners hul formele opleiding in Ekonomie en Statistiek relatief meer gebruik as die ander ses vakrigtings. Hiernaas volg die gebruik van Aardrykskunde en Sosiologie. Volgens tabel 3.10 en figure 3.1 tot 3.3 blyk dat stads- en streekbeplanners van mening is dat hul formele opleiding in al agt die vakrigtings in die algemeen redelik goed is. Dit blyk egter wel dat vir Ekonomie en Statistiek wat relatief baie gebruik word, die opleiding swakker is as vir die ses ander vakrigtings wat in die algemeen relatief minder gebruik word.

Die stads- en streekbeplanners wat aangedui het dat hul opleiding in enige van die agt vakke swak was, is versoek om redes te versaf waarom hulle van mening is dat die opleiding ondoeltreffend was. Tabel 3.13 gee hierdie redes vir die onderste skeie vakke.

Volgens tabel 3.13 wil dit voorkom of die rede waarom stads- en streekbeplanners hul opleiding in Ekonomie en Statistiek as ondoeltreffend beskou, hoofsaaklik daaraan te wyte is dat die kursus te oorsigtelik was en hulle gevolglik nie die nodige dieptekennis kon bekom nie. Hulle meen dat daar te min tyd aan hierdie vakke bestee word. Kritiek teen veral die Ekonomiese-, Sosiologie- en Ingenieursweskursusse is dat die inhoud van die kursusse nie van toepassing was op stads- en streekbeplanning nie.

Daar moet egter op gelet word dat slegs 'n klein groepie stads- en streekbeplanners hierdie mening huldig.

Verder blyk dat die rede waarom sommige stads- en streekbeplanners van mening is dat hul opleiding in Sosiologie, Statistiek, Aardrykskunde, Argitektuur en Geologie ondoeltreffend was, toegeskryf kan word aan te veel teoretiese werk wat behandel word en te min klem wat op die praktyk geplaas word.

TABEL 3.13
MOTIVERING WAAROM FORMULE OPLEIDING ONDOELTREFFEND WAS

Motivering	Ekonomiese		Sosio=ologie		Statis=iek		Aardryks=kunde		Landmeet=kunde		Ingenieur=s-wese		Argitek=tuur		Geo logie	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Opleiding was te oorsigtelik	21	52,5	7	16,7	6	14,3	5	17,2	20	42,6	5	10,6	24	46,2	26	57,8
Nie genoeg dieptekennis, te min tyd word hieraan spaardeer, nie kennis nodig	9	22,5			17	40,5										
Inhoud van kursus was nie van toepassing op beplanning	10	25,0	11	26,2					3	6,4	24	51,1	8	15,4		
Te veel teoretiese werk, te min klem op die praktyk			23	54,8	14	33,3	7	24,1			15	31,9	11	23,4	16	30,8
Werk stel geen eis se in die verband nie					16	55,2									3	35,6
Geen motivering			1	2,4	5	11,9	1	3,4	9	19,1	7	14,9	4	7,7		
TOTAL	40	100	42	100	42	100	29	100	47	100	47	100	52	100	45	100

3.7 WERKTEVREDENHEID

Van die 249 stads- en streekbeplanners het 234 die algemene vraag oor werktevredenheid (kyk vraag 7 in die vraelys bylae A) beantwoord. Tabel 3.14 toon die mate van werktevredenheid van stads- en streekbeplanners in die drie hoof werkgewer-groepe.

Uit tabel 3.14 blyk dat stads- en streekbeplanners in die algemeen tevrede is met hulle werk. Meer stads- en streekbeplanners in die privaatsektor en selfgeëmplo耶erde is volkomte tevrede met hulle werk as stads- en streekbeplanners in die openbare sektor. Van hierdie laasgenoemde groep het die helfte aangetoon dat hoewel enkele kleinighede hulle pla, is hulle oor die algemeen redelik tevrede.

Heelwat studies oor werktevredenheid toon aan dat daar minstens twee komponente bestaan, naamlik hoe belangrik sekere werkkenmerke vir 'n persoon is en hoe goed aan hierdie kenmerke voldoen word. In die vraelys is daar dan ook vir hierdie aspekte voorsiening gemaak.

Tabel 3.15 gee die rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking volgens werkgewer, van die mate waarin sekere werkkenmerke vir stads- en streekbeplanners persoonlik in 'n beroep belangrik is. In tabel 3.16 word aangedui in welke mate persone se huidige beroep aan hulle verwagtings voldoen. Hierdie gegewens word ook in figure 3.4 tot 3.8 aangetoon. Respondente moes beide die aspekte, belangrikheid van werkkenmerke en die mate van voldoening, op 'n 9-puntskaal aantoon (skaalwaarde 1 = werkkenmerke baie belangrik/mate van voldoening goed; skaalwaarde 9 = werkkenmerke minder belangrik/mate van voldoening swak). Hoe hoër die skaalwaarde, hoe minder belangrik is die kenmerk en hoe swakker is die mate van voldoening.

Figuur 3.4 toon die belangrikheidsprofiële van die drie werkgewergroepes vir die sestien werkkenmerke. Uit hierdie profiele blyk dat daar by stads- en streekbeplanners in die drie werkgewergroepes konsensus bestaan, naamlik dat intrinsiese werkkenmerke byvoorbeeld soos uitdaging wat werk bied; geleentheid vir die gebruik van persoonlike vermoëns en hoë mate van verantwoordelikheid van die belangrikste kenmerke in 'n beroep behoort te wees.

Figuur 3.5 toon die mate waarin stads- en streekbeplanners se huidige beroep aan hul verwagtings ten opsigte van die sestien werkkenmerke voldoen. Uit hierdie profiele is dit duidelik dat respondenten se beroepe redelik goed aan hul verwagtings voldoen.

TABEL 3.14
WERKTEVERDENHEID, VOLGENS WERKGEMERSEKTOR

Werkteverdenheid	Werkgewersektor			Totaal		
	Openbare sektor		Privaat-sektor	Selfgeëm= plojeerd		
	N	%	N	%	N	%
Ek is volkome tevreden met my werk en stel in geen ander werk belang nie	42	25,9	7	36,8	20	37,7
Hoewel enkele kleinighede my pla, is ek oor die algemeen redelik tevreden	81	50,0	7	36,8	21	39,6
Heelwat dinge pla my, maar dit wat my tevreden laat voel, weeg nogtans effens swaarder	31	19,1	4	21,1	6	11,3
Die dinge wat my ontevreden maak, weeg effens swaarder as dit waarmee ek tevreden is	4	2,5	1	5,3	4	7,5
Hoewel daar enkele dinge is waarmee ek tevreden is, is ek oor die algemeen taamlik ontevreden	4	2,5			2	3,8
Ek meen dat ek in enige ander werk meer tevreden sal kan wees						6 2,6
TOTAAL	162	100	19	100	53	100
					234	100


TABEL 3.15
REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VIR DIE DRIE WERKGEWERSEKTORE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARIN KENMERKE VIR STADS- EN STREETBEPLANNERS PERSONONLIK IN 'N BEROEP BELANGRIK IS

Werkkennemerke	Werkgewersektor					
	Overheidsektor			Privaatsektor		
	N	\bar{X}	S	N	\bar{X}	S
Uitdaging wat werk bied	130	2,1	1,2	16	1,6	1,4
Goeie salaris/inkomste	129	2,9	1,5	16	2,8	1,3
Min roetinewerk	128	4,2	2,2	16	3,9	1,9
Geleenthed vir gebruik van persoonlike vermoëns	129	2,1	1,2	16	1,4	1,1
Geleenthed vir gebruik van formele opleiding	129	3,7	1,9	16	4,3	2,1
Hoë mate van verantwoordelikheid	130	2,7	1,7	16	2,5	1,9
Inkomstesekuriteit wat werk bied	130	2,9	1,9	16	2,3	1,3
Status van beroep	129	4,2	2,1	16	4,8	2,0
Goeie personeelverhoudinge	127	2,5	1,6	16	2,5	1,9
Aangename fisiese werkomstandighede	126	3,5	2,0	16	3,9	1,6
Belangrikheid van werk	128	2,7	1,7	16	3,2	2,0
Geleenthed vir bevordering	123	2,8	1,9	16	2,8	2,1
Goeie byvoordele	124	3,8	2,3	16	4,4	2,0
Bevordering volgens meriete	123	2,6	1,7	16	2,9	2,1
Goeie toesighouding	121	4,1	2,4	15	4,7	2,1
Voldoende indiensopleiding	124	3,9	2,2	16	4,3	2,3


TABEL 3.16
REKENKUNDIGE GEMIDDELDE EN STANDAARDAFWYKING VIR DIE DRIE WERKGEWERGROEPE TEN OPSIGTE VAN DIE
MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN VERMAGTING VOLDOEN

Werkkennemerke	Werkgewersektor								
	Owerheidsektor		Privaatsektor		Selfge= emplojeerd				
	N	\bar{x}	S	N	\bar{x}	S	N	\bar{x}	S
Uitdaging wat werk bied	125	3,0	1,7	15	2,5	1,6	24	2,3	1,7
Goeie salaris/inkomste	125	3,8	1,8	15	3,6	1,8	24	3,0	1,8
Min roetinewerk	123	4,1	1,8	15	4,9	1,8	24	3,4	1,9
Geleenheid vir gebruik van persoonlike vermoëns	125	3,3	1,7	15	2,7	2,0	23	1,8	1,2
Geleenheid vir gebruik van formele opleiding	125	3,9	2,0	15	3,8	1,9	24	3,7	2,0
Hoë mate van verantwoordelikheid	125	3,3	1,9	15	2,8	1,5	24	1,9	1,4
Inkomsteseukuriteit wat werk bied	125	2,1	1,3	15	3,3	1,8	24	4,4	2,2
Status van beroep	124	3,8	2,0	15	3,0	1,4	24	3,7	1,9
Goeie personeelverhoudinge	122	3,0	1,9	15	2,3	0,9	24	2,5	1,3
Aangename fisiese werkomstandighede	121	3,2	1,6	15	3,1	1,8	24	2,5	1,6
Belangrikheid van werk	123	3,4	1,9	15	2,5	1,3	24	3,0	2,0
Geleenheid vir bevordering	121	2,3	14	3,5	2,4				
Goeie byvoordele	121	4,4	2,4	15	5,2	2,3			
Bevordering volgens meriete	118	5,2	2,5	15	3,5	2,3			
Goeie toesighouding	118	4,3	2,1	14	4,8	1,9			
Voldoende indiensopleiding	120	4,9	2,2	15	3,9	2,4			


FIGUUR 3.4
BELANGRIKHEIDSOPROFIEL VAN DIE DRIE WERKGEWERGROEPE VIR DIE SESTIEN WERKKENMERKE




FIGUUR 3.5
MATE WAARIN HUIDIGE BEROEP AAN VERWAGTING VOLDOEN VIR DIE SESTIEN WERKKENMERKE




FIGUUR 3.6
VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSPROFIEL EN PROFIEL VAN MATE VAN VOLDOENING AAN
VERWAGTINGS VIR WERKNEMERS IN DIE OWERHEIDSEKTOR



TABEL 3.7
VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSPROFIEL EN PROFIEL VAN MATE VAN VOLDOENING AAN
VERWAGTINGS VIR WERKNEMERS IN DIE PRIVAATSEKTOR



FIGUUR 3.8
VERGELYKING VAN DIE BELANGRIKHEIDSPROFIEL EN PROFIEL VAN MATE VAN VOLDOENING AAN
VERWAGTINGS VIR SELFGEËMPLOEERDES



In figure 3.6 tot 3.8 word die belangrikheidsprofiële en profiele van mate van voldoening aan verwagtings vir die drie werkgeweggroep vergelyk.

Sommige studies (Wanous en Lawler, 1972) oor werktevredenheid gebruik die verskil tussen wat 'n persoon van 'n beroep verwag en wat hy voel in sy werk aanwesig is, as 'n maat vir werktevredenheid. In tabel 3.17 word die produkmomentkorrelasies tussen die verskil tussen die mate van belangrikheid van 'n kenmerk en die mate waarin die huidige werk aan verwagtinge voldoen en algemene werktevredenheid aangetoon. Die oorgrote meerderheid van hierdie korrelasies is beduidend wat ondersteuning bied vir die sienswyse dat hierdie gaping as 'n maat vir werktevredenheid gebruik kan word.

Die korrelasies vir sommige kenmerke is besonder hoog, naamlik 0,5 of meer. Dit beteken dat indien 'n persoon ten opsigte van hierdie kenmerke van mening is dat sy beroep swak aan sy verwagtinge voldoen hy ook sal neig om ontevrede met sy werk te wees en omgekeerd. Hierdie kenmerke is die uitdaging wat die werk bied, hoë mate van verantwoordelikheid, geleentheid vir bevordering en bevordering volgens meriete. Figuur 3.6 toon dat werknemers van die owerheidsektor van mening is dat hul werk veral ten opsigte van laasgenoemde twee aspekte te kort skiet. Dit is dan ook waarskynlik die rede waarom 'n kleiner persentasie van die werknemers in die owerheidsektor volkome tevrede met hul werk is (tabel 3.14).

TABEL 3.17

KORRELASIEKOÖFFISIËNTE (r) TUSSEN WERKTEVREDENHEID EN VERSKIL TUSSEN WAT VAN 'N BEROEP VERWAG WORD EN WAT IN DIE WERK TEENWOORDIG IS

Werkkenmerke	Korrelasiekoëffisiënte (r)
1 Uitdaging wat werk bied	-0,54
2 Goeie salaris/inkomste	-0,41
3 Min roetinewerk	-0,27
4 Geleentheid vir gebruik van persoonlike vermoëns	-0,48
5 Geleentheid vir gebruik van formele opleiding	-0,36
6 Hoë mate van verantwoordelikheid	-0,58
7 Inkomstesekuriteit wat werk bied	0
8 Status van beroep	-0,45
9 Goeie personeelverhoudinge	-0,26
10 Aangename fisiese werkomstandighede	-0,19
11 Belangrikheid van werk	-0,48
12 Geleentheid vir bevordering	-0,62
13 Goeie byvoordele	-0,27
14 Bevordering volgens meriete	-0,63
15 Goeie toesighouding	-0,40
16 Voldoende indiensopleiding	-0,33

HOOFSTUK 4

- GROEITENDENSE IN DIE STADS- EN STREEKBEPLANNINGSBEROEP

4.1 INLEIDING

Uit die ontleding van die beroepsfunksies (par. 3.2) is dit duidelik dat die toekomstige vraag na stads- en streekbeplanners ten nouste saamhang met die algemene vlak van aktiwiteit in die boubedryf. Laasgenoemde sektor is gevoelig vir konjunktuurveranderinge in die algemene ekonomie van die land. Die jongste resessie (sedert 1974) het volgens BEO-Bou-opname (1978) 'n daling van ongeveer 11 persent in die totale reële bouaktiwiteit te wreeggebring, en die bou van private wonings het 'n persentasie-afname van om en by 27 persent getoon. Hierdie afswaai het nuwe dorpsontwikkeling gekortwiek, en die gepaardgaande beperking op die beskikbaarheid van behuisingslenings het ook 'n negatiewe uitwerking op dorpsontwikkeling gehad. Die arbeidsituasie van stads- en streekbeplanners word noodwendig beïnvloed deur die lae vlak van ekonomiese aktiwiteit wat ten tyde (1977) van hierdie opname ondervind is.

4.2 VRAELYS

'n Vraelys (kyk bylae C) is aan werkgewers van stads- en/of streekbeplanners gestuur. Die adresse van privaatfirms wat stads- en streekbeplanners in diens neem ($N = 74$) is van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners gekry. Verder is daar aan alle stadsrade van dorpe/stede met 'n bevolking van meer as 10 000 mense, en aan universiteite wat kursusse in stads- en streekbeplanning aanbied, 'n vraelys gestuur ($N = 140$). Van die 214 vraelyste wat uitgestuur is, is 124 (57,9%) terugontvang. As gevolg van die lae vlak van ekonomiese aktiwiteit is werkgewers nie gevra om 'n raming van die toekomstige vraag te maak nie, maar is die getal werkgeleenthede vir die periode 1967 tot 1977 gevra.

Dit is nie moontlik om presies te bepaal of hierdie 124 werkgewers 'n verteenwoordigende steekproef van al die werkgewers van stads- en streekbeplanners is nie, aangesien gegewens van die universum ontbreek.

Die Departement van Arbeid doen elke tweede jaar 'n mannekragopname op 'n beroepsbasis.

In tabel 4.1 word die getal stads- en streekbeplanners volgens hierdie opname vergelyk met die getal soos verstrek in

die verskillende opnames van die Departement van Arbeid. Stads- en streekbeplanners is eers in 1969 as 'n afsonderlike beroep in die mannekragopnames aangedui. Die syfer in die Mannekragopname vir 1971 is waarskynlik te hoog want 1973 se syfer is heelwat laer as die van 1971. Volgens tabel 4.1 bied die werkgewers wat aan hierdie opname deelgeneem het ongeveer twee-derdes van die bestaande werkgeleenthede aan en daar word aanvaar dat die situasie by hierdie 124 werkgewers 'n weerspieëling sal wees van die algemene neiging ten opsigte van indiensneming van stads- en streekbeplanners in die RSA.

TABEL 4.1
PERSENTASIE VERDELING VAN GETAL BLANKE STADS- EN STREEKBEPLANNERS
(1967-1977)

Jaar	(a) Hierdie opname	(b) Mannekrag- opname	(a) as % van (b)
	N	N	
1967	77		
1969	95	133	71,4
1971	172	302	57,0
1973	189	243	77,8
1975	193	305	63,3
1977	229	347	66,0

4.3 GROEI IN INDIENSNEMING VAN STADS- EN STREEKBEPLANNERS

Tabel 4.2 toon die indiensneming van stads- en streekbeplanners vir die periode 1967 tot 1977 by die 124 werkgewers.


Die getalle in tabel 4.2 verteenwoordig slegs die getal gemelde poste sodat tekorte in die sin van vaktures nie in die syfers voorkom nie. Die syfers is daarom nie 'n absolut akurate weerspieëling van die vraag nie. Aangesien dit algemeen gebeur dat die owerheidsektor gedurende tye van sterk vraag, personeel aan die privaatsektor afstaan, is die daling in indiensneming vir die periode 1971 tot 1972 by albei sektore eienaardig en moeilik om te verklaar.

In figuur 4.1 word die groeineigings aangedui deur 'n reguitlyn op die gewone metode van kleinste kwadraatafwyking by die gegewens aan te pas. Die figuur illustreer duidelik die afplatting in die getal genoemde poste in die privaatsektor sedert 1974.

TABEL 4.2
INDIENSNAMEING VAN STADS- EN STREEKBEPLANNERS (1967-1977)

	1967	1968	1969	1970	1971	1972	1973	1974	1975	1976	1977
Owerheidssektor	52	55	60	57	94	88	106	105	99	136	135
Privaatsektor	25	27	35	47	78	67	83	92	94	91	94
TOTAAL	77	82	95	104	172	155	189	197	193	227	229
Jaarlikse groei in aantal gevulde poste	5	12	9	68	-17	34	8	-4	30	2	

FIGUUR 4.1
INDIENSNEMING VAN STADS- EN STREEKBEPLONNERS



Volgens die opname bestaan daar in 1977 bykans geen vakatures nie. Die owerheidsektor het dus sy vakatures gevul soos ook blyk uit die styging in die getal gevulde poste 1975 tot 1976. Aangesien staatsbesteding aan bande gelê word, het die getal gevulde poste in 1976 en 1977 nie juis verander nie. Dit wil dus voorkom of poste vir stads- en streekbeplanners skaars gaan wees solank as wat die bou- en konstruksiebedryf sukkel.

Die toekomstige vraag na arbeid in 'n beroep kon egter nie teen die agtergrond van resessietoestand beoordeel word nie. In die vraelys is voorsiening gemaak vir kommentaar oor die toekomstige ontwikkeling van die beroep. Die kommentaar kan as volg saamgevat word. Die bewoonbare oppervlakte van die aarde is konstant en namate verstedeliking toeneem, landelike gebiede meer intensief benut word en behuising en ander fasiliteite aan die groeiende bevolking voorsien moet word, moet stads- en streekbeplanning as beroep ontwikkel en in sowel status as omvang toeneem.

Die funksies van beplanners soos in tabel 3.1 uiteengesit, toon dat veral dorpsbeplanning en alles wat daarmee saamhang, 'n besondere plek in die werk van die ondersoekgroep inneem. Indien in aanmerking geneem word dat die bevolking teen huidige groeikoerse ongeveer elke 30 jaar verdubbel en gegewe die wêreldwye neiging tot verstedeliking, kan dan met hierdie kommentaar saamgestem word, want die noodaaklikheid vir deeglike beplanning is teen so 'n agtergrond eintlik vanselfsprekend. Dat die beroep 'n funksie het om te vervul, blyk dan ook uit die feit dat werkgeleenthede in die beroep teen gemiddeld 6,9 persent per jaar oor die periode 1967 tot 1977 gegroei het, volgens dié opname.

Onder omstandighede van 'n redelike peil van ekonomiese groei behoort die vraag na stads- en streekbeplanners dus oor die lang termyn goed te wees, alhoewel die korttermynvoorsigte miskien nie te rooskleurig is nie. 'n Onbekende faktor wat die vraag oor die kort termyn verder kan beïnvloed, is die omvang van reedsbeplande maar nog onbesette dorpsgebiede wat 'n tydvertraging tussen die ekonomiese opswaai en vermeerdering in werkgeleenthede vir stads- en streekbeplanners kan meebring.

Volgens die kommentaar sal die werkgeleenthede vir die beroep ook nie veel deur tegniese ontwikkelings geraak word nie. Die ontwikkeling op die gebied van die rekenaar kan menslike navorsing en ideevorming op die gebied van beplanning vergemaklik maar nie vervang nie. Die beplanner sal nog steeds die administratiewe werk, inspeksies en onderhandelinge moet behartig.

4.4 GRADUERINGSNEIGINGS

Tabel 4.3 toon die getal kwalifikasies in stads- en streekbeplanning wat vir die periode 1967 tot 1977 aan Suid-Afrikaanse universiteite toegeken is. Die gegewens is saamgestel uit die jaarverslae van die Departement van Nasionale Opvoeding (1968-1977) met uitsondering van dié vir 1977 wat uit die promosieplegtighede van die universiteite saamgestel is. M-grade is ingesluit en dit is nie moontlik om te bepaal aan hoeveel persone met 'n B-graad of nagraadse diploma in Beplanning 'n M-graad toegeken is nie, en hoeveel persone wat 'n M-graad in beplanning ontvang het, oorspronklik toelating op grond van 'n ander B-graad gekry het nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die omvang hiervan sodanig sal wees dat die getal kwalifikasies nie as 'n goeie aanduiding van die produksie van nuwe stads- en streekbeplanners beskou kan word nie.

Die B-graad in beplanning is 'n relatiewe nuwigheid en volgens die jaarverslae is dit die eerste keer in 1968 toegeken. Voor die tyd kon 'n spesifieke kwalifikasie in stads- en streekbeplanning nagraads in die vorm van 'n M-graad of diploma verwerf word. Die gegewens in tabel 4.3 toon dat die M-graad en nagraadse diplomas nog steeds die oorwig kwalifikasies tot en met 1976 uitmaak. In 1976 is daar meer B-grade as M-grade en diplomas saam toegeken. Nadat die totale getal kwalifikasies van 1968 tot 1971 bykans konstant gebly het, is daar oor die algemeen 'n stygende neiging van 1971 af wat veral toegeskryf kan word aan 'n toename in die getal B-grade.

Uit die bestaande statistiek kan die situasie ten opsigte van M-grade na 1977 nie bepaal word nie. Die aantal ingeskreve studente in M-grade wissel en hou nie veel verband met dié aantal M-grade toegeken nie. Volgens die jaarverslae van die Departement van Nasionale Opvoeding was daar in 1974, 1975 en 1976 byvoorbeeld 130, 209 en 126 ingeskreve studente, terwyl 18, 25 en 32 M-grade in daardie jare toegeken is.

Die getal studente in die vierde jaar van die B-graad wat in 1976 bevorder is, het 42 getel, die in die derde, tweede en eerste jaar onderskeidelik 40, 52 en 50. Dit wil dus nie voorkom of die getal B-grade in beplanning in die eerskomende drie tot vier jaar noemenswaardig kan styg nie. Indien in aanmerking geneem word dat die getal eerstejaars sedert 1974 toe daar 130 was, aanmerklik afgeneem het, naamlik tot 103 in 1975 en 71 in 1976, is 'n daling eerder moontlik.

TABEL 4.3
KWALIFIKASIES IN STADS- EN STREEKBEPANNING TOEGEKEEN AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE IN DIE
TYDPERK 1967-1977

Kwalifikasie	Jaar						
	1967	1968	1969	1970	1971	1972	1973
B-graad/diploma + B-graad	5	18	11	9	12	11	18
B-graad	1	20	12	11	14	26	32
M-graad	7	8	7	12	7	15	31
Nagraadse diploma					9	14	3
TOTAAL	8	33	37	34	32	41	65
						59	68
							78

In tabel 4.3 is aangetoon dat M-grade 'n baie belangrike rol in die kwalifikasiestruktuur van beplanners speel. Waar baie van die persone wat vir die M-graad inskryf ook oor 'n ander kwalifikasie beskik en waarskynlik ook reeds 'n beroep beoefen, is die aanpassingsmoontlikhede by verskillende arbeidsmarksituasies redelik goed. Die aanbod van beplanners kan ook binne 'n relatiewe kort tyd aanpas om aan die vraag te voldoen, aangesien die duur van die M-graadkursus ook relatief kort is.

In tye van algemene hoogkonjunktuur sal daar egter 'n redelike sterk vraag na hoëvlak mannekrag wees en tekorte kan dan ook onder stads- en streekbeplanners verwag word.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

5.1 INLEIDING

Hierdie studie oor stads- en streekbeplanners vorm deel van die Instituut vir Mannekragnavorsing se beroepsnavorsingsprogram. Sedert die eerste beroepstudies van die Instituut, wat byna uitsluitlik aan die vraag- en aanbodsituasie aandag geskenk het, het dit duidelik geword dat persone en instansies wat met die werwing, opleiding en benutting van mannekrag gemoeid is, sowel as voorligters, ook 'n behoefte aan inligting in verband met soort werkgewer, kwalifikasiestruktuur, beroepsfunksies, salaris en so meer het. Die doel met die huidige studie is daarom, benewens die vraag en aanbodsituasie, 'n verteenwoordigende groep opgeleide stads- en streekbeplanners aan die hand van genoemde veranderlikes te beskryf.

Deur van die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplike en die ledelys van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanning gebruik te maak, is die name en adresse van 541 persone verkry wat oor kwalifikasies in Stads- en Streekbeplanning beskik. In 1977 is 'n vraelys aan hierdie 541 persone gestuur waarvan 338 (62,5%) bruikbare vraelyste terugontvang is. Hierdie 338 word as 'n verteenwoordigende steekproef beskou.

Van hierdie 338 is 18 (5,3%) nie ekonomies bedrywig nie en die verslaq handel oor 320 ekonomies bedrywige respondentie.

Van die 320 beoefen 186 (58,1%) die stads- en streekbeplanningsberoep, 63 (20%) beoefen behalwe stads- en streekbeplanning ook 'n ander beroep en 71 (22%) beoefen 'n ander beroep as dié van stads- en streekbeplanning.

5.2 BIOGRAFIESE KENMERKE EN WERKGEWER

Die mediaanouderdom van die totale groep is 40 jaar. Die wat egter suiwer stads- en streekbeplanningswerk doen, is aansienlik jonger en het 'n mediaanouderdom van 34 jaar.

Van die totale ondersoekgroep van 320 was 38 persent Afrikaans- en 62 persent Engelssprekend.

